

# Pretoriana



TYDSKRIF VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING  
(GENOOTSKAP OUD-PRETORIA)

JOURNAL OF THE PRETORIA HISTORICAL SOCIETY  
(OLD PRETORIA SOCIETY)

Prys R 3,00 Price

**LYS VAN BESTUURSLEDE VAN DIE  
HISTORIESE VERENIGING VAN PRETORIA  
GENOOTSKAP OUD—PRETORIA OP 1 MAART 1986**

Dr. N.A. Coetzee	voorsitter
Mnr. W.J. Punt	ondervoorsitter, bewaring van geboue
S. de K. Venter	verteenwoordiger van die Stadsraad van Pretoria
Mev. M. Andrews	organisasie van toere
Mnr. T.E. Andrews	Nuusbrief
Mev. A. Dreyer	argief
Mev. S.W. Jacobs	skooltuine
Dr. C. de Jong	redaksie van Pretoriana
Mnr. N. Lemmer	waaksamheid
Mnr. J. van Niekerk	omgewingsbewaring
Prof. H.J. Petrick	bewaring van begraafplase
Mev. H. Smith	penningmeesteresse
Mnr. R. Tomlinson	forte
Mev. I. Vermaak	assistent-sekretaresse
Mev. M.L. Willmer	sekretaresse

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001.

***PRETORIANA* – AFRICANA**

Aanbod van uitgawes van *Pretoriana* van vroeë en onlangse datum

Hoeveel geskiedenisboeke kan U vir R20,00 koop?

Miskien een, wat bestaan uit nog nie eens 200 bladsye nie.

Hoeveel Africana-boeke kan U vir R20,00 koop?

Waarskynlik nie eers een nie.

Hoeveel *Pretoriana*'s kan U vir R20,00 koop?

Tenminste 80 uitgawes met meer as 2500 bladsye propvol met geskiedenis, foto's, belangrike data en kostelike stories.

Daar is stelle *Pretoriana*'s met uitgawes vanaf die vroeë jare vyftig, by die Genootskap beskikbaar. Skryf 'n briefie aan Anton Jansen, Posbus 33704, Glenstantia 0010, Pretoria, of nog makliker, skakel sy kantoonommer 70 6456 of na kantoortyd 47 5838 om 'n stel *Pretoriana*'s te bestel.

Afsonderlike nommers is ook beskikbaar VANAF R0,50 per eksemplaar.

## INHOUDSOPGAWE / TABLE OF CONTENTS

	bladsy/page
Van die Redakteur	2
From the Editor	3
<i>F.A. van Jaarsveld en Theo van Wijk</i> 1886-1986: 100 jaar Groot Goudrif en Johannesburg (in Engels)	4
<i>N.A. Coetzee</i> , Johannesburg 100 jaar - Die eerste veiling van erwe	5
<i>C. de Jong</i> , Herdenking van die skilder Jacob Hendrik Pierneef	11
<i>S.W. Jacobs</i> , Geskiedkundige oorsig van skooltuinekompetisie 1955-1985	14
Herdenking van die stigting van Melrose-huis 1886-1986:	17
<i>Jean Wilmot</i> , Waak oor die verlede	17
<i>M. Joubert</i> , Melrose-huis 1886-1986	21
<i>F.A. van Jaarsveld</i> , Huldigingswoord by die oorhandiging van die besondere erepenning vir geskiedenisbevordering aan Dr. Jan Ploeger deur die S.A. Akademie	34
<i>W.J.B. Ridgard en N.A. Coetzee</i> , Toesprake by die onthulling van 'n gedenkplaat ter ere van J.J. Kirkness op 23 September 1985	38
<i>J. Ploeger</i> , Aantekeninge met betrekking tot die De Rapper-geslag en Wilhelm Alexander de Rapper	44
<i>C. de Jong</i> , Die suidelike sterrewag van Leiden by Pretoria	46
<i>Henk Loots</i> , Pretoria Citizens Service Medal Great War 1914-1919	51
<i>C. de Jong</i> , Moontlike voorbeelde van Reisacher se skilderye van die Tweede Anglo-Boere-oorlog te Pretoria (1)	55
<i>C. de Jong</i> , Die portret van president Kruger in die Koninklike Paleis "Het Loo"	61
<i>C. de Jong</i> , Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (4) - Gerrit Adriaan Arnold Middelberg	64
<i>C. de Jong</i> , Gedenktekens vir minder bekende persone in en om Pretoria (3) -- Willem Johannes Leyds	68
Redaksie, "Onder die ban van die Prins"	71

## VAN DIE REDAKSIE

In die jare '80 is daar talle herdenkings in Suid-Afrika. Die jaar 1986 is een van die hoogtepunte daarvan weens die ontdekking van die Groot Goudrif aan die Witwatersrand en die stigting van Johannesburg 100 jaar gelede. *Pretoriana* No. 89 open daarom met 'n verwysing van die redakteur na dié twee gebeurtenisse. Dr. N.A. Coetzee, voorsitter van ons Vereniging, dra by met 'n artikel oor afslaer Joost Heystek en sy eerste veiling in die toekomstige Johannesburg, waar die eerste persele gekoop is.

'n Ander nasionale herdenking is dié van die geboortejaar 1886 van die skilder Jacob Hendrik Pierneef. 'n Aantekening oor hom met sy portret verskyn in *Pretoriana* No. 89.

In Pretoria herdenk ons die ontstaan van die Melrosehuis 100 jaar gelede. Artikels van die kuratrise van die Melrosehuis-museum, Mej. M. Joubert, en van Jean Wilmot beskryf dié huis en die ontstaan daarvan.

Een van die vrugbaarste skrywers van bydraes in *Pretoriana* sedert die eerste verskyning daarvan is Kol. Dr. Jan Ploeger. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te Pretoria het hom in September 1985 vereer met die besondere erepenning vir geskiedenisbevordering. Die bestuur van die Pretoriase Historiese Vereniging wens hom geluk met hierdie welverdiende onderskeiding. Die huldigungswoord by die oorhandiging daarvan is uitgespreek deur 'n vakgenoot van hom, prof. Dr. F.A. van Jaarsveld. Die teks daarvan is in die onderhawige No. 89 opgeneem.

Van ons voorsitter, Dr. N.A. Coetzee, volg 'n verslag van die onthulling van 'n gedenkplaat vir J.J. Kirkness en toesprake daarby gehou.

Een van die aantreklikste projekte van ons Vereniging is die jaarlikse skooltuinewedstryd. Ons bestuurslid Mevrou S.W. Jacobs het 'n Geskiedkundige oorsig van skooltuinewedstryde 1955 - 1985 saamgestel. Dit is hier afgedruk.

'n Aantekening van Mnr. T.E. Andrews oor Wilhelm Alexander de Rapper in sy *Pioneer sketches* het Dr. J. Ploeger aanleiding gegee om aanvullende gegewens oor hierdie bou-aannemer vir *Pretoriana* aan te bied.

C. de Jong gee 'n verkorte vertaling van 'n hoofstuk uit die gedenkboek van die Sterrewacht te Leiden van G. van Herk en andere, wat handel oor die filiaal van dié sterrewag by Pretoria. Die reuseteleskope by Hartebeespoort wes van Pretoria sal naamlik in 1986 talle sterrekundiges trek wat daar Halley se komeet sal waarneem.

Van Henk Loots is die artikel "Pretoria Citizens Service Medal 1914-1919" opgeneem.

C. de Jong vervolg met die eerste van 'n reeks artikels wat hy oor Reisacher se skilderye van die Tweede Anglo-Boere-oorlog in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum aan die Boomstraat geskryf het. Hy sluit No. 89 af met aantekeninge oor die geskilderde portret van president Kruger in die werkkamer van koningin Wilhelmina in haar paleis "Het Loo", "Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria", waarin die grondlegger van spoorlyne in Transvaal G.A.A. Middellberg bespreek word, en "Gedenktekens vir minder bekende persone in en om Pretoria", waarby die biografie van Dr. L.E. van Niekerk oor W.J. Leyds behandel word.

## FROM THE EDITOR

A great number of commemorations take place in South Africa during the 1980's. The year 1986 is one of the highlights because of the discovery of the Great Goldreef on the Witwatersrand and the founding of Johannesburg 100 years ago. Therefore *Pretoriana* No. 89 opens with a reference to these two events. Dr. N.A. Coetzee, chairman of our Society, contributes with an article on the auctioneer Joost Heystek and his first auction in future Johannesburg where the first sites were sold.

Another national jubilee is that of the year of birth of the painter Jacob Hendrik Pierneef in 1886. A short article about him with a portrait appears in this issue.

In Pretoria we celebrate the construction of Melrose House 100 years ago. Articles by the curator of the Melrose House Museum, Miss M. Joubert, and Jean Wilmot describe the house and its history.

One of the most productive authors of contributions to *Pretoriana* since its first issue is Col. Dr. Jan Ploeger. The South African Academy of Science and Art at Pretoria honored him in September 1985 with the special medal for the promotion of history. The board of the Pretoria Historical Society congratulates him with this well-deserved distinction. The commendation with the presentation of the medal to Dr. Ploeger was given by a colleague of his, Professor F.A. van Jaarsveld. The text of his speech is printed in No. 89.

Of our chairman, Dr. N.A. Coetzee, a report of the unveiling of the plaque in honour of J.J. Kirkness and speeches delivered on this occasion appear in this issue.

One of the most attractive projects of our Society is the annual school garden competition. A member of our board, Mrs. S.W. Jacobs, has composed an historical survey of this competition for 1955-1985. It is printed in this issue.

A note by Mr. T.E. Andrews on Wilhelm Alexander de Rapper in his *Pioneer sketches* gave Dr. J. Ploeger the opportunity of offering supplementary data on this building contractor for *Pretoriana* No. 89.

C. de Jong contributes an abbreviated translation of a chapter in the jubilee work of the observatory at Leiden, Netherlands, by G. van Herk and others. This chapter describes the branch of the Leiden observatory at Hartebeespoort close to Pretoria. The two huge telescopes there will attract many astronomers for the observation of Halley's comet this year.

Henk Loots contributes the article "Pretoria Citizens Service Medal 1914-1919". Thereafter C. de Jong offers the first of a series of articles on Reisacher's paintings of the Second Anglo-Boer War in the National Museum for Cultural History in Boom Street, Pretoria. He concludes No. 89 with a brief article on the painted portrait of President Kruger in Queen Wilhelmina's workroom in her palace "Het Loo", "Memories of the NZASM in and round Pretoria" (4) in which the managing director and founder of Transvaal railways G.A.A. Middelberg is discussed, "Monuments for less known persons in and round Pretoria" (3) in which Dr. L.E. van Niekerk's recent biography of W.J. Leyds is reviewed.

## 1886-1986: 100 JAAR GROOT GOUDRIF EN JOHANNESBURG

In hierdie jaar 1986 herdenk ons in Suid-Afrika die ontdekking van die Groot Goudrif aan die Witwatersrand en die stigting van Johannesburg, die ekonomiese, finansiële en verkeershoofstad van Suid-Afrika. Die jaar 1886 het een van die belangrikste wendings in die geskiedenis van hierdie subkontinent gebring. Die mynbou-omwenteling wat met die ontdekking van diamante by Kimberley in 1867 ingelui is, het in 1886 in volle gang gekom. Dit het die stadige ontwikkeling van Suid-Afrika in hoë mate bespoedig en die land van 'n ietwat armlike landbouland in 'n redelik welvarende landbou- en mynbouland omskep.

Hieronder volg 'n aanhaling wat die betekenis van die jaar 1886 bondig en boeiend beskryf. Dit is ontleen aan die boek van F.A. van Jaarsveld en Theo van Wijk getitel *Illustrated history for Senior Certificate, Standards 9 and 10*, Voortrekkerpers, Johannesburg 1965, o. 402 en 404.

C. de Jong

The Transvaal had hardly obtained independence when something happened which was to bring her into the front pages of newspapers both at home and overseas. This was the discovery of *gold* on the Witwatersrand, and the establishment of a large *industrial city* in the heart of the Transvaal. After 1886 the history of South Africa was the history of Johannesburg. And the city was built up with money from *outside* – money contributed by a predominantly English-speaking population. This population group and their gold-mining activities radically influenced the history of South Africa, especially in the social, economic and political sphere.

The inhabitants of the Transvaal could never have dreamed that the discovery of diamonds would pale in significance when compared with the golden wealth which lay hidden under the *Witwatersrand*. Two brothers, *Fred* and *H.W. Struben* were the first to draw attention on this treasure-house of gold, and it was through their prospecting initiative that *George Walker* and *George Harrison* succeeded in discovering the rich *main reef*. They made the discovery on part of the farm, *Langlaagte*, belonging to Gert Oosthuizen. Little did Frederik Bezuidenhout and his family, who farmed on the farms *Turffontein* and *Doornfontein*, realize that a world metropolis would rise on their land.

How did it all begin? The news that there were rich deposits of gold spread like wildfire. From all sides came fortune-seekers and men with money: they were men from high-respectable homes and also from slums in London, Berlin, Warsaw and, in fact, cities throughout the world. Once again a thick cloud of dust hung over the roads of South Africa as thousands flocked from all four corners of the country – and from all four corners of the world. They arrived in the future Johannesburg on foot, on horse, in cars and in ox-waggons. The overwhelming majority of them were *English-speaking British subjects*. The Government proclaimed the gold-fields public diggings. On October 4th 1886, the farm *Randjeslaagte* was declared a *town*. The name of the new town was *Johannesburg*; derived from the name *Johann* Rissik, first clerk to the Surveyor-General, and Christiaan *Johannes* Joubert, the head of the Department of Mines in the Republic.

From a tent village of dusty streets and muddy pools there eventually arose single-storeyed stone and mud buildings; and in time, a modern industrial city with its skyscrapers, electric lighting, shops, clubs and bars arose like a mushroom from the ground. Every day dynamite explosions and the hammering of the mills could be heard. The white mine sand accumulated like ant heaps, and these dumps became the landmarks of the Golden City. The age of the *machine* had arrived. Fully-loaded transport waggons rolled in from Kimberley and Pietermaritzburg – where the railway line ended – in an incessant stream: but still too slowly for the rushing life of Johannesburg. The waggons carried foodstuffs, building materials and machinery. Mail coaches transported impatient passengers and labourers. It was still the age of the ox waggon and the horse-cart. But it would not long remain so. Other transport media were required, especially when the deep-level mines were exploited.


And, every morning the old inhabitants, descendants of the Voortrekkers and the Boer-warriors of 1880-1881, looked over the flat stretches of land and saw a cloud of smoke hanging in the sky: under the clouds was -*Johannesburg*. Would it bring wealth, fortune, happiness - or poverty, problems, downfall? How would the industrial activities in the heart of a Boer Republic affect the *life* of the inhabitants?

## JOHANNESBURG 100 JAAR – DIE EERSTE VEILING VAN ERWE

deur N.A. Coetzee

Die stigting van die dorpsgebied Randjieslaagte (later vernoem Johannesburg) kan vasgestel word op Woensdag 8 Desember 1886 toe die eerste erwe of standplase per publieke veiling verkoop is. Advertensies vir die pos Afslaer is reeds in Augustus 1886 aan die publiek bekend gestel. Die aansoeke is oorweeg en die persoon JOOST HEYSTEK, 'n afslaer van Rustenburg, is aangestel. Ons plaas hierby 'n fotoafdruk van sy aansoekbrief (Transvaalse Argief R3809/86). Op Woensdagoggend om 10 uur het Joost Heystek, bygestaan deur sy agent P.H.C. van Noorden, die voorwaardes van die verkoop aan die aanwesiges voorgelees. Die koopprys moes in drie paaielemente betaal word, die eerste op die dag van koop, die tweede vier maande later en die laaste binne 12 maande vanaf datum van koop. Standplase mag nie verder opgedeel word nie. Gelisensieerde kleims op gedeeltes buite die standplase bly wettig. Die dorpsaanleg het plaasgevind op uitvalgrond tussen die drie plase Braamfontein, Turffontein en Doornfontein. Die noordelike baken was in Boundaryweg, Houghton, en vandag is daar 'n gedenksteen aanwesig wat as historiese gedenkwaardigheid verklaar is. Die basis van die driehoek was Commissionerstraat en die baken aan die weste is op die hoek van Weststraat en aan die ooste op die hoek van Endstraat. Later is Johannesburg uitgebrei op die omliggende plase.

Die eerste Standplaas No. 469 Randjieslaagte het 'n eerste bod van 2s 6d gehad. Die volgende bod was £1. Uiteindelik is die standplaas vir £10.17.6d toegeslaan. Die volgende standplaas is verkoop vir £10.10.0d en nog 'n paar meer teen dieselfde prys. Die pryse het daarna opgegaan na £100, £200, £270



**JOOST HEYSTEK omstreeks 1886 tydens  
die veiling van die eerste erwe van die latere  
Johannesburg**

en die hoogste prys was £280. Nadat so 25 erwe van die hand gesit is word die standplase in die nabyheid van die huidige Markplein verkoop en hulle het hierdie hoë pryse behaal. Beckett van Pretoria het £1065 vir 5 erwe op Markplein betaal. Die verkoping het Donderdag 9 Desember 1886 voortgegaan en is Vrydag afgesluit. Aan die einde het pryse gedaal tot 3 s. elk en ongeveer 50 erwe het onverkoop gebly omdat daar geen bod was nie.

Joost Heystek het aan die Mynkommissaris Jan Eloff gerapporteer dat sy taak afgehandel is en erwe vir 'n totaal van £13 000 verkoop is (Verwys J.Gray: *Payable Gold*, CNA 1937). Die eerste bladsy met lys van die kopers het soos volg uitgeles (sien bladsy 136 en 137 by Gray).

J. Baxter	Standplaas No. 1	Tennand	Standplaas No. 12
Lowenstein	2	Richards	15
Bernstein	3	Tennand	19
Von Brandis	4	Kirk	32
Bernstein	5	Jansen	33
Von Brandis	6	Jansen	34
Richards	10	J.H.L. de Villiers	35
Von Brandis	11	B.J. Zeederberg	36

Ons plaas ook die oorspronklike plan van die uitleg van Johannesburg soos opgestel deur die landmeter Jos E. de Villiers.

Wie was JOOST HEYSTEK wat hierdie eerste standplase van die huidige stad Johannesburg opgeveel het? Hy is op 2.1.1847 te Giessen in Noord-Brabant, Nederland, gebore en het saam met sy vader Jan Heystek en sy moeder Johanna Elizabeth Roza en ander kinders in Mei 1862 na Suid-Afrika verhuis. Die moeder is op see oorlede. Joost Heystek is op 89jarige ouderdom op 3.8.1936 op Leeuwdoorns No. 1182 naby Nylstroom oorlede (Boedel 96047 Transvaalse Argief). Hy was Vrederegter en Regeringsafslaer in Rustenburg en verteenwoordig Rustenburg as Lid van die Volksraad van die Z.A.R. in 1884-1887. Hy was ook Resident Vrederegter in Louis Trichardt van Maart 1899 tot Maart 1900 en Waarnemende Landdros van Nylstroom 1900-1901.

In 1864 het hy deelgeneem aan die Burgeroorlog en die geveg by Krokodrif naby die huidige Brits (Sien die monument op die pad Silkaatsnek oor na Brits). In 1866 het hy deelgeneem aan die ekspedisie na Zoeloeland, net nadat hy teruggekeer het van die Basoetoeoorlog 1865 saam met S.J.P. Kruger. In 1876 het hy deelgeneem aan die Sekoekoenie-oorlog. Op 13 Desember 1880 is hy uit die Paardekraal-byeenkoms na Potchefstroom gestuur om die onafhanklikheidsproklamasie en ander eerste dokumente vir die Driemanskap te laat druk. Hy het aan die eerste skermutselings aldaar van die Eerste Vryheidsoorlog deelgeneem en sy perd is onder hom doodgeskiet.

Hy het deelgeneem aan die slag van Amajuba op 27 Februarie 1881, hy was van die eerste burgers wat bo op die berg uitgekom het en het by Generaal Sir George Pomeroy Colley se lyk gestaan toe dit geïdentifiseer is. Na die inname van Nylstroom deur die Britte (1901) het hy saam met Genl. Beyers geveg tot hy krygsgevangene genceem is. As krygsgevangene in die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902 het hy tot Augustus 1902 in die kamp Shahjahanpur, Indië, deurgebring.

Hy was twee keer getroud, op 12.9.1869 met Aletta Elizabeth du Plessis (oorlede 1879, 5 kinders) en op 22.6.1880 met Amarenthia Margaretha van Helsdingen (oorlede 1937, 10 kinders).

Ons plaas 'n foto van Joost Heystek, geneem omstreeks 1886 toe hy die eerste standplase van Johannesburg opgeveil het. Dit is paslik dat sy nagedagtenis by geleentheid van die 100-jaar-herdenkingsfees van die stigting van Johannesburg in eervolle herinnering geroep word.

### Bibliografie

Transvaalse Argief R3809/86 Advertensie en aansoeke vir Afslaer

The Magistrate - Die Landdros. Januarie 1968

Boedel 96047/36 T. Argief, Pretoria. Joost Heystek

Boedel 99517 T.A. A.M. Heystek-van Helsdingen 1937

J. Gray: *Payable Gold* CNA. 1937

Boedel 10227 T.A. Pieter Henricus Cornelis van Noorden

Foto Volksraad Z.A.R. 1885. Staatsargief, Pretoria.

*Ons Vaderland* Dinsdag 2 Junie 1931. Lewenskets

143  
Pretoria, 19 Augustus '86.

Aan Eyn H. Ed. den R 3809  
Staats President 86  
Pretoria

Hoog Edele Heer!

Ik vernemen hebbende dat door de H. Ed. Regering een dorps sal worden aangelegd op de Witwatersrand goedge. den, los neem ik de vrijheid, aangeft te doen en beluif te verzoeken, dat de Kans duke van de Eeren te worden gehouden, aan mij worde toegestaan.


Ik ben gereed de Tendukie te hou. den voor dezelfde persentage als eenig ander Tendukieplage het dan sal

In afwachting van een gunstige beschikking, heb ik de Eer mij te nemen

Hoog Edele Heer

Uw H. Ed. diend.  
Joost Heystek

Brief van Joost Heystek aan die Staatspresident met aansoek vir die pos van afslaer in Johannesburg



Oorspronklike plan van die eerste uitleg van Johannesburg,  
in 1887 opgestel deur landmeter Jos. E. de Villiers

## HERDENKING VAN DIE SKILDER JACOB HENDRIK PIERNEEF

deur C. de Jong

In 1986 word die geboortejaar van die kunsskilder Jacob Hendrik Pierneef (1886-1957) herdenk omdat hy 'n toonaangewende kunstenaar was en hy 100 jaar gelede gebore is. Hy was 'n seun van die Nederlandse bouer Gerrit Leendert Pierneef en van Christine Neeske Buser, gebore in Suid-Afrika. Hy is gebore en oorlede in Pretoria, sy blywende woonplek. Hulle is kort na die besetting van Pretoria deur die Britse leër op 5 Junie 1900 na Durban verban en het vandaar na Hilversum in Nederland vertrek. Tydens die oorlog 1899-1902 het Jacob Hendrik, "Henk" genoem, sy opleiding in die kuns voortgesit in die Akademie voor Beeldende Kunsten te Rotterdam, waar ook ander vooraanstaande Suid-Afrikaanse kunstenaars, met name Frans Oerder en Anton van Wouw, geskool is.

Reeds in 1902, na die vrede, het die Pierneefgesin na Pretoria teruggekeer. Maar die na-oorlogse depressie 1903-08 het ook die teruggekeerde Nederlanders laat swaarkry en Henk moes 'n betrekking by 'n tabakswinkel in Pretoria aanvaar. Hy het intussen voortgegaan met teken en skilder. In 1920 het hy sy eerste skildery verkoop en wel aan die bekende kunshandel E. Schweickerdt te Pretoria. Na betrekkings by die Staatsbiblioteek en as kunsdosent in die onderwyskolleges te Pretoria en Heidelberg in 1920-23 het hy hom volledig aan die Kuns gewy.

In sy eerste jare het hy intens die invloed van Nederlandse skilders van die voorgaande geslag, in Suid-Afrika werksaam, met name van Frans Oerder en Pieter Wenning, ondergaan. Hy het in 1925 Europa besoek en heel onwennig teenoor die modernismes daar gestaan, maar hy is beïnvloed deur die post-impressioniste en die Nederlandse skilder en denker oor kuns Willem van Koningenburg. 'Hy het in Suid-Afrika sy eie weë gesoek en die meester van die Suid-Afrikaanse landskap in talle variante geword. Daartoe het hy in Suid- en Suidwes-Afrika baie gereis en geskets.

Die regering het groot opdragte aan hom verstrek, in 1932-33 32 landskapstafrele vir die nuwe hoofstasie in Johannesburg en in 1933 muurskilderinge in die Suid-Afrika-Huis te Londen waar hy gewerk het. Hierdie werke het veel aandag getrek en aan sy bekendheid bygedra.

Na 1940 was hy as kunstenaar oor sy hoogtepunt heen. Hy het ou tema's herhaal en selde nuwe weë gesoek, maar weens sy vakmanskap het sy werk tegnies op hoë peil gebly. Sy biograaf, Dr. A.J. Werth, direkteur van die Pretoriase Kunsmuseum, skryf: "Pierneef was en is die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaar wat 'n heeltemal nuwe siening en 'n heeltemal nuwe uitbeelding van die Suid-Afrikaanse landskap gebring het. Hierin is hy 'n ware pionier van die beeldende kunste in Suid-Afrika"<sup>2</sup>

Die kunshistorica Frieda Harmsen van UNISA het oor hom geskryf: "He was one of the first to break away from the gentle descriptive depictions of the landscape. He gave it a formal organisation, submitted it .... to a cerebral pattern that was evocative of the expansive, arid, sun-bleached land. Pierneef painted in almost all parts of South Africa, but he is remembered primarily as the painter of the Bushveld, the dry plains of the Orange Free State and the semidesert of South West Africa .... Even today it is not uncommon to



Portret van die Kunsskilder  
JACOB HENDRIK PIERNEEF,  
Pretoria 1886-1957  
Foto: NASKO

to speak of Pierneef colours (at dawn or sunset), a Pierneef glare (in the 1950s his pictures were so pale pink and blue that one involuntarily turned one's eyes from the whiteness of the scene), Pierneef clouds (summer thunderheads), Pierneef koppies (flat-topped hills of the Orange Free State) and Pierneef trees (his ubiquitous umbrella thorn)".<sup>3</sup>

1. 'n Deeglike artikel oor die Nederlandse kunsskilder van Mevrou Gré van der Waal-Braaksma, getitel "Willem van Konijnenburg en sy tyd", het verskyn in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir kultuurgeskiedenis*, jaargang 3 no. 1, Pretoria, Januarie 1986, p.29-36.
2. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel 4, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) en Butterworth, Pretoria-Durban 1981, p.485.
3. Frieda Harmsen; "Art in South Africa, A short survey", special issue of *Report from South Africa*, monthly review published by the embassy of South Africa in London July-August 1972, p. 9 en 13. *Pretoriana* no. 23 van April 1957, p. 5-8, bevat 'n kort bydrae "Die Universiteit van Pretoria vereer Pierneef", te wete met 'n eredoktoraat op 30 Maart 1957; die skrywer word nie genoem nie. In *Pretoriana* no. 25 van Desember 1957, p. 1-2, het Dr. W.H.J. Punt 'n "In memoriam Henk Pierneef" gepubliseer. Hy skryf dat die skilder baie van Pretoria gehou het. Pierneef is op 4 Oktober 1957 in Pretoria oorlede.

**GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN  
SKOOLTUINEKOMPETISIE 1955-1985**  
Saamgestel deur Mev. S.W. Jacobs, bestuurslid

Die Skooltuinekompetisie, waarin meegeding word om 'n prys vir die mooiste laerskooltuin in Pretoria en omgewing, is vanjaar 30 jaar oud. Die Genootskap Oud-Pretoria het in 1955 hierdie kompetisie as sy bydrae tot die eeufees van Pretoria ingestel. Sedertdien het die kompetisie elke jaar plaasgevind, behalwe in 1960 toe dit weens droogtetoestande nie gehou kon word nie.

Die doel daarvan is veral om 'n liefde vir die natuur en ons inheemse plantegroei by die jong kind aan te moedig, en hom te leer om ons groen erfenis te bewaar. Deur die skooltuinekompetisie probeer die Genootskap Oud-Pretoria om die verband tussen die stad en die natuur wat sedert Pretoria se stigtingsjare bestaan, te verstewig, en om die skole aan te moedig om tuine op die skoolgronde te ontwikkel. Die verfraaiing van die skoolterrein het 'n sterk invloed op die kind en latere volwassene.

Die beoordeling van die tuine vind gedurende Oktober/November elke jaar plaas, en geskied volgens 'n skema van punttoekenning wat so ingedeel is dat dit vir alle skole moontlik is om aan die kompetisie deel te neem en vir 'n prys in aanmerking te kom. 'n Wisseltrofee ('n sierlike skild van witstinkhout waarop verskillende plant- en blomsoorte afgebeeld is) word sedert die ontstaan van die kompetisie in 1955 jaarliks aan die wenskool toegeken. Van 1963 af word 'n pragtige silwer beker, die Willie Nel-trofee, ook jaarliks uitgelooft. Hierdie trofee is deur mnr. W.R. Nel, voormalige voorsitter van die skoolkomitee van die Pretoria Tuine Laerskool, aan die Genootskap Oud-Pretoria geskenk. In 1977 is 'n tweede, baie mooi skild vervaardig, en daarna het mej. Wellman ook nog twee bekere geskenk.

Die getal inskrywings vir die skooltuinekompetisie wissel van jaar tot jaar. In 1985 het 25 skole deelgeneem. Reeds sedert die ontstaan van die kompetisie is daar verhoë tot die Engels-medium laerskole gerig om ook in te skryf, en in 1958 word daar in die toespraak wat by die oorhandiging van die skild aan die wenskool gemaak is, gemeld dat geen Engels-medium skool daardie jaar ingeskryf het nie. Gevolglik is die Genootskap verheug dat 9 uit die 25 skole wat in 1985 deelgeneem het, Engels-medium skole is, d.w.s. 36%.

Die wenners van die kompetisie in 1985 is soos volg:

1ste prys	Laerskool Voorpos, Waverley
2de prys	Laerskool Rachel de Beer, Pretoria-Noord
3de prys	Laerskool Fleur, Lyttelton
4de prys	Laerskool Akasia, Pretoria-Noord

'n Ontleding van die lys van wenners sedert instelling van die skooltuinekompetisie in 1955 het aan die lig gebring dat 29 verskillende skole op een of ander stadium onder die eerste vier plekke geëindig het. Die skool wat dit die meeste, naamlik 21 keer, reggekry het, is die Laerskool Rachel de Beer, met die Laerskool Die Poort kort op hulle hakke, naamlik 19 keer.

Die beoordeling van die tuine word die afgelope paar jaar deur mnr. J.E. Repton behartig, aan wie die Genootskap Oud-Pretoria baie dank en waardeering verskuldig is.

### WENNERS VAN DIE SKOOLTUINE-KOMPETISIE SEDERT INSTELLING

JAAR	1STE PRYS	2DE PRYS	3DE PRYS
1955	Danie Malanskool	Pretoria Tuine Laerskool	Genl.Jac.Pienaar
1956	Pretoria Tuine Laerskool	Gen. Andries Brinkskool	Danvilleskool
1957	-do-	Danvilleskool	Pierneefskool
1958	-do-	Beide Rachel de Beer en Wonderboom-Suid	—
1959	Rachel de Beer	Pretoria-Tuine	Totiusdal
1960	Weens droogtetoestande kon kompetisie nie gehou word nie.		
1961	Rachel de Beer	—	—
1962	Pretoria Tuine	Rachel de Beer	Danie Malan
1963	Pretoria-Oos	-do-	Die Poort
1964	-do-	Die Poort	Die Heuwel
1965	Pretoria Tuine	-do-	-do-
1966	Laerskool Die Heuwel	Pretoria-Oos	Rachel de Beer
1967	Rachel de Beer	Laerskool Saamspan, Mountain-View	Pretoria-Oos
1968	-do-	Laerskool Die Poort	L.skool Saamspan
1969	Laerskool Die Poort	Rachel de Beer	Voorpos,Waverley
1970	Rachel de Beer	Die Poort	Waterkloof Prim.
1971	Die Poort	Rachel de Beer	Pretoria-Oos
1972	Hamilton Primary	Die Poort	Rachel de Beer
1973	Die Poort	Rachel de Beer	Pretoria-Oos
1974	Rachel de Beer	Die Poort	Hamilton Primary
1975	Die Poort	Rachel de Beer	Pretoria-Oos
1976	-do-	-do-	Voorpos

In 1977 is die kompetisie verdeel in pryse vir groot terrein- en klein terrein-skole. Die wenners was as volg:

	1STE PRYS (SKILD)	2DE PRYS (BEKER)	3DE PRYS (BEKER)
1977	<b>Groot terrein</b> Die Poort	Rachel de Beer	—
	<b>Klein terrein</b> Monumentpark L.skool	Die Heuwel Laerskool	Gen.A.Brinkskool
1978	<b>Eerste kategorie</b> Rachel de Beer	Monumentpark	Die Heuwel
	<b>Tweede kategorie</b> Die Poort	Boosens	Skuilkrans

In 1979 is die kompetisie verdeel in pryse vir gevestigde tuine en nuwe tuine:

	<b>1STE PRYS (SKILD)</b>	<b>2DE PRYS (BEKER)</b>	<b>3DE PRYS (BEKER)</b>
1979	<b>Gevestigde tuine</b> Valhalla	Rachel de Beer	Die Poort
	<b>Nuwe tuine</b> Voortrekker Eeufees	Skuilkrans	Nellie Swart

In 1980 is vier pryse toegeken:

	<b>1STE PRYS (SKILD)</b>	<b>2DE PRYS (SKILD)</b>
1980	Voortrekker Eeufees L/S	Die Poort
	<b>3DE PRYS (BEKER)</b>	<b>4DE PRYS (BEKER)</b>
	Monumentpark	Rachel de Beer

	<b>1STE PRYS</b>	<b>2DE PRYS</b>	<b>3DE PRYS</b>
1981	Laerskool Die Poort	Voortrekker Eeufees	Gen. Andries Brink
1982	L/S Derdepoort	L/S Monumentpark	L/S Steph. Roos
1983	" Die Poort	" Derdepoort	" Lynnwood Ridge
1984	" Rachel de Beer	" Fleur	" Mayville
1985	" Voorpos	" Rachel de Beer	" Fleur

	<b>4DE PRYS</b>	<b>5DE PRYS</b>	<b>6DE PRYS</b>
1981	Skuilkrans	Wonderboom	Valhalla
1982	L/S Wonderboom	L/S Valhalla	L/S Skuilkrans
1983	" Fleur	" Kwaggasrand	" Voorpos
1984	" Wonderboom	" Die Poort	" Voorpos
1985	" Akasia	(GEEN 5DE & 6DE PRYS TOEGEKEN OMDAT BEKERS NIE OPGESPOOR KON WORD NIE)	

## HERDENKING VAN DIE STIGTING VAN MELROSEHUIS 1886 - 1986

Aan een van die vroeër deftige strate van Pretoria, Jacob Maréstraat, teenoor die oudste stadspark staan die opvallende Melrosehuis met die sierlike, ietwat oordadige boustyl en inrigting van die laat-Viktoriaanse tydperk. Dit is in of omstreeks 1886 gebou in opdrag van die ondernemende Skotse sakeman George Heys. Volgens goeie bron het die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek daar eenmaal hooggeplaaste gaste gehuisves. Dit is verklaarbaar dat die Britse opperbevelhebber lord Roberts kort na sy intog in Pretoria op 5 Junie 1900 sy intrek in dié woonhuis geneem het en dat sy opvolger Kitchener dit ook gedoen het. Twee jaar lank was die huis die hoofkwartier van die Britse oorlogvoering teen republikeinse strydmagte. Daar is die verdrag van Vereeniging, waarin die Boererepublieke hul onafhanklikheid verloor het, in die laat aand van 31 Mei 1902 onderteken - een van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis van Suid-Afrika. Daarna het die militêre die huis verlaat en het dit weer 'n gewone familiehuis van die gesin Heys geword.

Die Stadsraad van Pretoria het gelukkig die besondere huis en sy inhoud van Heys se erfgename gekoop en bewaar as tipies vir 'n soort huis wat redelik talryk was en nou skaars is. In hierdie jaar 1986 herdenk ons die stigting van Melrosehuis 100 jaar gelede. Dit is nou 'n museum. Die kuratrise, Mej. M. Joubert, het daaroor die volgende artikel geskryf en geïllustreer. Daaraan vooraf gaan die teks van 'n uitvoerig verlugte artikel wat Jean Wilmot 25 jaar gelede in *Suid-Afrikaanse Panorama* van November 1961 gepubliseer het.

Die sierlike pentekeninge van Melrosehuis by hierdie bydrae is gemaak deur argitek Hannes Meiring te Pretoria en is ontleen aan sy boek *Pretoria 125*, uitgegee deur Human en Rousseau, Kaapstad 1980, p. 77; hy gee op p. 76-80 'n beskrywing en geskiedenis van die huis in Engels en Afrikaans.

C. de Jong

### WAAK OOR DIE VERLEDE deur Jean Wilmot

Die vertrek waarin die verdrag onderteken is wat 'n einde aan die Anglo-Boereoorlog gemaak het, was en is nog steeds Melrose-huis se eetkamer. Die huis is nog in besit van die nasate van die oorspronklike eienaar. Met uitsondering van vars blomme, waarvan die kleure 'n pragtige teenstelling-vorm met die sierlike mahonie- en rooshout-meubels, is die vertrek nog net soos dit op 31 Mei 1902 was.

Dit is 'n indrukwekkende kamer met ruim afmetings. Deur die lang vensters, wat feitlik die hele muur aan die suidekant beslaan, stroom lig na binne. Groot olieverskilderye in massiewe rame pryk teen die mure. Leerstoel en 'n bank, tafeltjies, 'n groot Viktoriaanse buffet en 'n lang tafel in die middel versier die vertrek. In die mahonieblad van die groot tafel is 'n silwerplaat met die naamtekening van die leiers wat die vredesverdrag onderteken het.

Elke handtekening is 'n getroue weergawe van die outentieke handtekening op die verdrag. Die Verdrag van die Vrede van Vereeniging word so ge-



L 4a



L 4b

Tekeninge deur Hannes Meiring van die Melrosehuis aan die suidkant van Jacob Maréstraat te Pretoria; bo is die vooraansig met die straathek en die twee arende op die hekpale, onder is die gesig op die ooskant van die huis.

Met dank oorgeneem uit Hannes Meiring, *Pretoria 125*, by Human en Rousseau, Kaapstad 1980, p. 77

noem omdat die voorwaardes op die Transvaalse dorp Vereeniging bespreek is. Die verdrag is op Vereeniging opgestel en na Melrose-huis in Pretoria vir ondertekening gebring.

Hoe het Melrose-huis die middelpunt geword van een van Suid-Afrika se belangrikste volkeregtelike gebeurtenisse? Daar moet in die geskiedenis gedelf word om te begryp watter omstandighede tot daardie belangrike Meidag aanleiding gegee het.

George Heys was 'n gesiene, welvarende man. Hy was die eienaar van Air-landgoed, 'n plaas in Oos-Transvaal, en hy het sakebelange in Pretoria gehad. Hy was ook die vader van etlike dogters en soos dit gewoonlik met dogters gaan, het hulle die opwinding van die dorpslewe bo die rustigheid van 'n landelike leefwyse verkies. Mnr. Heys het aan 'n argitek, Lue Vale, opdrag gegee om 'n geskikte dorps huis vir hom te ontwerp. Op 'n perseel wat op die huidige Jacob Maréstraat front en tot by die straat aan die agterkant deurloop, is Melrose-huis gebou. In 1880 is daar met die bouwerk begin wat etlike jare geduur het. Uiteindelik is die dubbelverdieping-gebou in die Viktoriaanse boustyl voltooi. Hoewel dit nie 'n mooi huis was nie, was dit beslis 'n imposante woning.

Op die grondvloer is daar ontvangskamers, 'n studeerkamer met groot rakke vol boeke, 'n oggendkamer, 'n eetkamer, 'n biljartkamer en 'n blommehuisie aan die westekant. 'n Breë trap lei na die eerste verdieping waar die slaapkamers is. Van hierdie vloer loop 'n steil, nou trap na die solderkamers. 'n Klippad lei van die agterkant van die huis na die bediendekwartiere, koetshuis en stalle, wat nou nie meer gebruik word nie. Met sy ruim vertrekke, pragtige meubels, negentiende-eeuse porselein en glasware, was Melrose-huis ideaal geskik vir onthale en destyds die elegantste woning in Pretoria. Dis heelwaarskynlik waarom lord Roberts in Junie 1900, met die val van Pretoria, besluit het om dit as hoofkwartier van die Britse bevel te gebruik.

Lord Roberts se pligsbesoek is beëindig en hy is na Brittanje terug. Die nuwe bevelvoerder, lord Kitchener, het sy intrek in Melrose-huis geneem. Daarna het die woning sy kleurrykste era beleef. Kitchener het die huishouding op militêre grondslag gereël. Daar was netjiese Indiër-soldaatbediendes en 'n stal vol spogperde. Hy het op groot skaal onthaal en dit was destyds 'n eer om na 'n onthaal aan Melrose-huis uitgenooi te word. Uit een van die onderste vertrekke het Kitchener sy oorlogsvoering gereël. Die huidige eienares, 'n kleindogter van George Heys, vertel dat saluerende offisiere en lyfdienaars uiteindelik die tapyt voor Kitchener se lessenaar deurgetrap het.

Die uur van bestemming het genader. Dit was April 1902. Hoewel die oorlog nog voortgeduur het, was daar al sprake van vrede. Reëlings is reeds getref vir onderhandelings tussen die Boere- en Britse magte. Op 12 April het sestien afgevaardigdes van die Boeremagte by Melrose-huis aangekom. Hulle is gasvry en met militêre eerbewys ontvang en daar is onmiddellik met die eerste vergadering begin wat uiteindelik tot die ondertekening van die vredesverdrag en die beëindiging van die oorlog sou lei.

Gesamentlik is besluit om die afgevaardigdes se bewegings so stil as moontlik te hou. Hulle is in die woning wat aan Melrose-huis grens, gehuisves. Hulle kom en gaan is vergemaklik en terselfdertyd verbloem, deur die gebruik van 'n

opening wat in die laning tussen die huise gekap is.

Geen finaliteit kon op die vergadering bereik word nie, deels omdat dit slegs 'n voorlopige bespreking was en deels omdat die afgevaardigdes na hul leiers moes terugkeer om 'n mandaat te verkry om op 15 Mei op Vereeniging te ontmoet. Toe daardie vergadering plaasgevind het, was daar nagenoeg 60 afgevaardigdes teenwoordig. Hierdie keer het die besprekings byna drie weke lank geduur. Ten spyte van veelvuldige probleme het sake uiteindelik die stadium bereik waar lord Milner en Kitchener met die Kommissie van Vyf – Botha, Hertzog, De la Rey, De Wet en Smuts - in konferensie aan Melrose-huis was. Smuts, wat later een van Suid-Afrika se bekendste staatsmanne sou word, was daar, nie as afgevaardigde nie, maar as regsadviseur vir genl. Hertzog.

Dit is 'n sonderlinge en treffende ervaring om aan die konferensietafel in Melrose-huis te sit in 'n stoel waarop 'n lid van die Kommissie gesit het en in die herinnering terug te gaan na die wisselende emosies wat in die kamer afgespeel het. Weer eens kan die gespanne stilte ervaar word waarin die enigste geluid die krap van die pen op papier was soos die manne een vir een hul handtekening aangebring het op die vier perkamente wat die verdrag van die Vrede van Vereeniging swart op wit neergelê het.

Uit: *Suid-Afrikaanse Panorama*, Pretoria, November 1961

## MELROSE-HUIS: 1886 - 1986

deur Mej. M. Joubert

In 1885 het 'n bekende sakeman in Pretoria, George Jesse Heys, twee erwe in Jacob Maréstraat, oorkant Burgerspark, gekoop en 'n Londense argitek, W.T. Vale<sup>1</sup>, opdrag gegee om vir hom 'n huis te ontwerp. Terwyl die huis in aanbou was, het George en sy vrou, Emma Jane, op 'n reis na die buiteland gegaan en onder andere die ruïnes van Melrose Abbey in Skotland besoek. Dit was vir hulle so mooi dat hulle besluit om hulle nuwe woning Melrose Villa te noem.<sup>1</sup> Vanaf ongeveer 1900 is dit bekend as Melrose-huis.

In 1889-1890 word nog twee erwe agter die huis aangekoop waar die stallekompleks gebou word.<sup>1</sup>

Melrose-huis is veral van historiese belang omdat die Vrede van Vereeniging, wat die Anglo-Boereoorlog beëindig het, op 31 Mei 1902 in die huis se eetkamer geteken is. Die tafel waarop die ondertekening plaasgevind het, is vandag nog in die huis.

Dié laat-Victoriaanse herehuis is vandag 'n kosbare erfenis vir die nageslag, nie slegs omdat die vredesluiting hier plaasgevind het nie, maar ook omdat dit een van die weinige huise is wat behoue gebly het uit die destydse spogbuurt in Pretoria. Die huis het tipiese Victoriaanse argitektoniese stylkenmerke en spreek van 'n leefwyse van 'n welgestelde gesin gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu. Dit vertel van die oorgang van 'n rustige, landelike leefwyse van die vorige eeu, toe koetsse nog die vinnigste wyse van vervoer was, na die versnelde tempo van die twintigste eeu.

### George Jesse Heys

Die oorspronklike eienaar van Melrose-huis, George Jesse Heys, is in 1852 in Durban gebore.<sup>1</sup> Hy was die seun van Thomas Heys wat in die 1840's uit Engeland na Suid-Afrika geëmigreer het. Nà sy skoolopleiding by die Boys High School in Durban begin George in die Regte studeer. Die sakewêreld interesseer hom meer en hy begin sy beroep as handelaar in Alice, Oos-Kaap. Hy vertrek in 1871 na Kimberley waar die diamantstormloop aan die gang was, en begin 'n algemene handelaarsbesigheid in Kerkstraat.<sup>1</sup>

In 1873 trou hy in Durban met Emma Jane Harris wat van Engeland gekom het. Hul twee oudste dogters word in Kimberley gebore, Florence Pearl in 1874 en Mabel Ethel in 1879.<sup>3</sup>

In 1879 vertrek die gesin na Pretoria en Heys begin 'n besigheid as algemene handelaar onder die naam "Heys and Company General Dealer", in Kerkstraat-oos, in 'n winkel wat hy van Paul Henwood huur. Die Heys-gesin se eerste huis, "Natal Villa", was op die hoek van Andries- en Minnaarstraat geleë.<sup>1</sup>

Tydens die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) dien George Heys in die "No. 3 Company of the Pretoria Rifle Corps".<sup>1</sup>

Nà die oorlog heropen hy sy winkel. In 1884 koop hy 'n stuk grond op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat, oorkant Markplein, en sit sy besigheid daar voort.<sup>1</sup>

In dieselfde jaar word sy derde dogter, Jessie Maud, gebore en in 1885

koop George Heys twee erwe in Jacob Maréstraat waar sy nuwe huis, Melrose Villa, gebou word. Dit is nie bekend wanneer die bouwerk aan die huis 'n aanging geneem het nie, maar dit het waarskynlik in 1886 begin en is in 1887 voltooi. Die aankoop van die erwe is in Desember 1885 gefinaliseer<sup>12</sup> en op 'n foto van die huisgesin wat in 1888 agter Melrose-huis geneem is, is reeds 'n goed gevestigde tuin sigbaar.

### “George Heys Express Saloon Coaches”

George Heys begin sy koetsvervoerbesigheid in ongeveer 1882-1883.<sup>1</sup> Die koetse wat hy gebruik het, is in Amerika deur die firma Abbot-Downing van Concord, New Hampshire, vervaardig. Dit is deur 10 perde teen 10 tot 15 myl per uur getrek, en kon 16 tot 20<sup>o</sup> passasiers vervoer.

Die Heys-koetse het hoofsaaklik vier roetes gedek: Vanaf Pretoria na die begin van die Kaapse spoorlyn in Kimberley ('n dag- en -nagreis wat ongeveer drie en 'n half dae geduur het), 'n weeklikse diens na Barberton met takke na Lydenburg en Pilgrim's Rest, 'n diens na Pietersburg en 'n vierde roete na Charlestown in Natal.<sup>1</sup>

Nà die proklamasie van die Johannesburgse goudvelde in Augustus 1886 het Heys sy dienste na Johannesburg uitgebrei. Hy het ook 'n kontrak met die posmeester-generaal, Nicholaas van Alphen, gehad om pos te vervoer.<sup>1</sup>

Heys het sy koetsdiens geadverteer as “The Quickest and Cheapest Route to the North. Speed, Comfort, Civility, Safety. No Night Travelling”.<sup>9</sup> Die reise het nietemin nie sonder voorval verloop nie. Dit het soms gebeur dat 'n passasier wat op die dak gesit het, as gevolg van die ruwe paaie afgestamp is.<sup>1</sup> Op 10 Desember 1897 is een van die Heys-koetse naby Pilgrim's Rest van 3 580 onse fyngoud beroof. Dit is nooit teruggevind nie.<sup>14</sup>

Heys het sy koetse verminder namate die spoorlyne uitgebrei het. Die kontrak vir die vervoer van pos tussen Pretoria en Johannesburg is beëindig met die vertrek van die laaste koets uit Pretoria op 31 Desember 1892,<sup>1</sup> 'n dag voor die aankoms van die eerste trein in Pretoria.<sup>7</sup> Die heel laaste Heys-koets het in 1905 tussen Pietersburg en Pretoria geloop.<sup>1</sup>

### Die Vrede van Vereeniging, 31 Mei 1902

In Oktober 1899<sup>5</sup> breek oorlog uit tussen die Britse regering en die twee Boererepublieke van Transvaal en die Oranje Vrystaat. Op 5 Junie 1900<sup>5</sup> val die Britse troepemag onder lord Roberts Pretoria binne. Roberts woon eers in die “British Agency” in Rissikstraat 126<sup>o</sup> voordat hy na Melrose-huis ver skuif en dit as Britse hoofkwartier en residensie gebruik.

Melrose-huis word bekend as die “Imperial Headquarters in South Africa” en hiervandaan is die bevele uitgestuur wat meer as 18 maande lank die aard van die Britse oorlogsbedrywighede bepaal het.<sup>10</sup>

Teen die einde van 1900<sup>5</sup> vertrek lord Roberts na Engeland en lord Kitchener van Khartoum neem sy plek in. Saam met hom is sy Sikh-bediendes wat hom sedert sy veldslae in Indië vergesel het.<sup>1</sup> Die woonkamer links van die ingang gebruik Kitchener as sy kantoor en die vertrek langsaaan as slaapkamer.<sup>3</sup>

Die sluiting van die Vrede van Vereeniging het soos volg verloop:

As gevolg van bemiddelingspogings in Europa vir vrede het die Britse Regering besluit dat die vrede in Suid-Afrika gereël moes word. Op 4 Maart 1902<sup>4</sup> ontvang genl. Schalk Burger, waarnemende Staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek terwyl pres. Kruger in Europa was, vredesvoorstelle van lord Kitchener. Die Transvaalse regering tree in verbinding met pres. Steyn en die Vrystaatse regering en op 9 April kom die twee regerings te Klerksdorp byeen vir samesprekings.<sup>4</sup> Daar was skerp meningsverskil, maar uiteindelik is voorstelle op skrif gestel en op 12 April was die verteenwoordigers van die verskillende regerings in Pretoria om met lord Kitchener te onderhandel.<sup>4</sup>

Die eerste vredesvoorstelle word deur lord Kitchener aan die Britse Regering voorgelê, maar uit London kom die antwoord dat die Britse Regering nie aan die twee Republieke se voorwaarde om hul onafhanklikheid te behou, kan voldoen nie.<sup>4</sup> Die samesprekings het tot 17 April voortgeduur waarna besluit word dat die Boereleiers kans sou kry om al die kommando's te raadpleeg. Die Britse Regering onderneem om al die kommando's waarvan die leiers met onderhandelinge besig was, nie aan te val nie, en Kitchener stel die spoorweg en telegraafdiens tot hul beskikking.<sup>4</sup>

Op 15 Mei 1902 het 30 afgevaardigdes van elke Republiek op die dorp Vereeniging aangekom vir verdere samesprekings.<sup>4</sup> In 'n markeetent het die byeenkoms onder voorsitterskap van generaal C.F. Beyers begin. Aan Transvaalkant was onder andere: genl. Schalk Burger, staatsekretaris van die Z.A.R. F.W. Reitz, genl. Louis Botha, genl. Koos De la Rey en genl. Jan Smuts. Tussen die Vrystaters was pres. M.T. Steyn wat hom weens swak gesondheid aan die onderhandelinge moes onttrek, genl. C.R. de Wet en genl. J.B.M. Hertzog. Die twee notulehouers was D.E. van Velden en ds. J.D. Kestell. Dag na dag het die samesprekinge voortgegaan. Daar was groot meningsverskil: aan die een kant dié wat wou vrede maak en aan die ander kant die wat wou voortgaan met die oorlog. Op Saterdag, 17 Mei is besluit om vyf generaals Hertzog, Smuts, De la Rey, Botha en De Wet, na Pretoria met nuwe voorstelle te stuur.<sup>4</sup>

Die kommissie het dadelik na Pretoria vertrek en tuisgegaan in "Parkzicht", die huis van Carl Rood, langs Melrose-huis.<sup>9</sup> Op 19 Mei het die samesprekings met die Engelse bevelvoerders begin en deur taaie onderhandelinge is die vredesvoorwaardes puntsgewys vasgestel. Na die eerste fase het dit gelyk asof die samesprekings 'n dooiepunt bereik het, maar is oorwen deur 'n komitee, saamgestel uit lord Kitchener, genls. Smuts en Hertzog wat die werk voortgesit het.<sup>10</sup>

Die finale dokument, bestaande uit tien klousules, is deur Chamberlain en die Britse Kabinet goedgekeur. Die kommissie moes die dokument aan die afgevaardigdes op Vereeniging voorlê en daar sou kans gegee word tot 31 Mei 1902 om JA of NEE daarop te antwoord.<sup>10</sup>

Om 9vm op 29 Mei is die eerste sitting gehou en die rapport voorgelees.<sup>4</sup> President Steyn het intussen bedank en genl. De Wet as waarnemende president van die Vrystaat benoem. Die vredesvoorwaardes is drie dae ernstig bespreek en die finale stemming was 54 teen 6 vir die aanname van die voorwaardes.<sup>4</sup>

Maatreëls is getref vir die vervoer per spoor na Pretoria van die lede van albei regerings om daar die Vredestraktaat te onderteken. Kort voor elfuur die aand het hulle by Melrose-huis aangekom en is op versoek 'n rukkie alleen gelaat in die eetkamer om die Besluit van Vereeniging weer deeglik deur te lees.<sup>4</sup> Lord Kitchener en lord Milner het binnegekom en aan die hoof van die tafel aan die suidekant gaan sit.<sup>4</sup> Langs Milner het die ses Transvalers gesit en langs Kitchener die vier Vrystaters.<sup>4</sup>

Die kontrak was in viervoud op perkament getik. Een eksemplaar was bestem vir die Koning van Engeland, een vir lord Kitchener, een om bewaar te word in die Pretoriase Argief, en een om in die Bloemfonteinse Argief te bewaar.<sup>4</sup> Die eerste eksemplaar is vyf minute oor elf voor die waarnemende president van die Z.A.R., genl. Schalk Burger, geplaas en ná hom het die ander lede van die regering die dokument geteken.<sup>4</sup> Ná hulle het die Vrystaatse verteenwoordigers dit onderteken. Links van die tien name het die Britse Opperbevelhebber geskryf: "Kitchener van Khartoum" en daaronder het die Hoë Kommissaris die woord "Milner" geskryf.<sup>4</sup>

Vader Kestell het genotuleer: "Die dokument was geteken. Alles was stil in die vertrek waar daar so baie gepraat is. Nog het almal 'n oomblik stilgesit. Toe staan lede van die Regerings van die nou gewese Republieke asof verbyster op om die saal te verlaat. Lord Kitchener het van die een na die ander gegaan en elkeen sy hand gebied: 'We are good friends now' het hy gesê. Daarop het almal die saal verlaat".<sup>4</sup>

Ná 1902 gaan die lewe in Melrose-huis voort. George Heys gaan voort met sy sakebelange en die Heys-egpaar dra graag by tot gemeenskapsdiens. In 1934 skenk George Heys 'n klokkespel, die "Heys Memorial Chimes" vir die destydse nuwe stadsaal in Paul Krugerstraat.<sup>1</sup> Na sy vrou se dood in 1929 laat bou hy die "Heys Memorial Hall" vir die Sunnyside-Metodistekerk.<sup>1</sup> George Heys is in 1939 op 87-jarige ouderdom oorlede terwyl hy by sy oudste dogter in Chulmleigh, Devon, Engeland, gekuier het. Hy is in die ou begraafplaas in Pretoria begrawe. Hy was 'n ware pionier wat tot die ontwikkelingsgeskiedenis van Pretoria bygedra het.

## Die interieur

Sedert Melrose-huis in 1886-1887 gebou is, het daar slegs in 1895-96 noemenswaardige veranderinge plaasgevind toe die biljartkamer, plantehuis en kombuis aangebou is en die huidige eetkamer vergroot is.<sup>1</sup> Ná die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog in 1902, is die interieur opgeknep, en vandag is die huis 'n uitstekende voorbeeld van die oorgangstydperk van 'n laat-Victoriaanse na die Edwardiaanse styltydperke in 'n Engelse herehuis. Vandag is die meubels, tapyte, skilderye, ornamente en gebruiksvorwerpe wat aan die oorspronklike eienaars behoort het, nog in die huis.

Kenmerkend van die Victoriaanse tydperk is dat die style uit vorige tydperke nageboots en saamgevoeg is. Die argitektuur spreek onder andere van Nederlandse, Elisabethaanse en Klassieke invloede terwyl die meubels meestal nabootsings is van Adam-, Hepplewhite-, Chippendale- en Sheratonstyle van die 18de eeu. Daar is ook verskeie Oosterse invloede sigbaar in die huis.

Die interieur word gekenmerk deur kleurvolle geverfde glasvensters, waarvan veral dié in die biljartkamer, geskilder deur A.L. Moore van Southampton Row, London, besonder mooi is, skilderye deur Engelse kunstenaars, tapyte met ryk kleure, kosbare silwer en porselein van firmas soos Royal Crown Derby, Worcester, Royal Doulton, Spoda, Rosenthal en andere. Daar is heelwat voorbeelde van gietysterwerk soos die stoeprelings wat deur die bekende metaalgietery van Walter MacFarlane van Glasgow, Skotland, vervaardig is.

Die versameling boeke sluit werke in van George Elliot, Edgar Allan Poe, digbundels van Burns, Longfellow, Tennyson, ens. Goethe se Faust en Shakespeare se volledige werke is ook hier.

Die huis is met sentrale stoomverhitting verwarm en selfs die handdoelreling in die badkamer is stoomverhit. Die Heys-gesin was bewus van die belangrikheid van higiëne en het geglo dat vars lug voortdurend deur die huis moet sirkuleer.<sup>13</sup> In die belangrikste vertrekke is die "Tobin Tubes" geïnstalleer wat vars lug in die vertrek inlaat. Dit word in werking gestel deur 'n hefboom, in die vorm van 'n hand, te draai om lug in die lugroosters in die muur in te laat.

In 1892 was Melrose-huis een van die eerste huise in Pretoria wat met elektrisiteit kon spog. Dit was ook een van die eerste huise in Pretoria met 'n telefoon.<sup>13</sup>

## Eetkamer

Uit historiese oogpunt gesien is die eetkamer die belangrikste vertrek in die huis. Die Vrede van Vereeniging is op 31 Mei 1902 in die vertrek geteken. Op die tafel is 'n gedenkplaatjie, met die handtekeninge van die afgevaardigdes van albei Boererepublieke en dié van lord Kitchener en lord Milner, wat die vredesverdrag geteken het, daarop gegraveer. Die Heys-egpaar het hier graag formele dinees aangebied. Op 11 Mei 1910 is hier 'n bal gehou waartydens genl. Louis Botha een van die gaste was.<sup>13</sup>

## Restourasie

Melrose-huis is op vier waardevolle erwe geleë en die huis se inhoud bevat gesogte versamelaarstukke. Die huis was nog deel van die boedel van die oorspronklike eienaar en het in familiebesit gebly tot in 1968 toe die Stadsraad van Pretoria die huis en inhoud gekoop het.

Ná omvattende restourasiewerk, veral deur mev. Susan van Rensburg, is die huis op 17 Mei 1971 deur die destydse Staatspresident van Suid-Afrika, mnr. C.R. Swart, as museum geopen.

Melrose-huis vier sy eeufes in 1986 onder andere met twee spesiale uitstallings; 'n uitstalling van Edwardiaanse porselein, 1900-1914, saamgestel deur mnr. Edward Bernardi, en 'n uitstalling van antieke poppe en speelgoed, saamgestel deur Roné Heys en Réne Garvie.

## Verwysings na die ondervermelde bronne

1. Allen, Vivien: *Kruger's Pretoria*. Buildings and personalities of the city in the nineteenth century. Balkema, 1971.
2. Dunston, Lola: *Young Pretoria*. 1889-1913. Pretoria, 1975.
3. Freer, Percy: *Charles Christie and a few of his friends*. University Library, Potchefstroom, 1972.
4. Kestell, ds. J.D. & Van Velden, D.E.: *Die Vredesonderhandelinge* tussen die Regerings van die twee Suid-Afrikaanse Republieke en die Verteenwoordigers van die Britse Regering wat uitgeloop het op die Vrede wat op 31 Mei 1902 op Ver-eeniging gesluit is. Human & Rousseau, 1982.
5. Pakenham, Thomas: *The Boer War*. Jonathan Ball, 1979.
6. Picton-Seymour, D.: *Victorian Buildings in South Africa*: Including Edwardian & Transvaal Republican Styles. 1850-1910. Balkema, 1977.
7. Potgieter, D.J., e.a.: *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*: Vol 9 POP-SLA Nasou, 1973.
8. Stadsraad van Pretoria (Redaksiekomitee): *Pretoria 1855-1955*. Stadsraad van Pretoria, 1955.

## Tydskrifartikels

9. Rosenthal, Eric: Mail Coach on the Veld: The history of Mail Coaches in South Africa. *Africana Aantekeninge en Nuus*, Deel X, No. 3 Junie 1953.

## Gids

10. Besoekersgids vir Melrose-huis, Stadsraad van Pretoria.

## Ander

11. Sterftekennis Boedel 3379/39. Transvaalse Argief. George Jesse Heys.
12. Aktes registrasiestelsel diagram no. G 2704/869 en G 002703/969.
13. Geskiedenis van Melrose-huis: Algemene geskiedenisleër, Melrose-huis.
14. Geskiedenis van Melrose-huis: Heys-koetse, Melrose-huis.



Portret van George Jesse Heys, gebore te Durban in 1852,  
oorlede te Pretoria in 1939


Foto: Melrosehuis-Museum



Foto van die gesin van George Heys in die tuin van die Melrosehuis in 1888.  
 Van links na regs: Emma Jane Heys gebore Harris; Jessie Maud, gebore  
 1884; Florence Pearl, gebore 1874; Mabel Ethel, gebore 1879;  
 George Jesse Heys.

Foto: Melrosehuis-Museum

# GEORGE HEYS & CO'S EXPRESS SALOON COACH SERVICE



LITHOGRAPHED AT THE PRESS' WORKS, FORT RAJAH.


**GEORGE HEYS & CO.,**  
MAIL CONTRACTORS.  
Kimberley and Cape Colony.  
77 & 78  
Kirkcubright, Pakenhulstroom and Cape Colony.

JANUARY		FEBRUARY		MARCH		APRIL		MAY		JUNE			
MON	1 10 00	MON	1 10 00	MON	1 10 00	MON	1 10 00	MON	1 10 00	MON	1 10 00	MON	1 10 00
TUE	1 10 00	TUE	1 10 00	TUE	1 10 00	TUE	1 10 00	TUE	1 10 00	TUE	1 10 00	TUE	1 10 00
WED	1 10 00	WED	1 10 00	WED	1 10 00	WED	1 10 00	WED	1 10 00	WED	1 10 00	WED	1 10 00
THU	1 10 00	THU	1 10 00	THU	1 10 00	THU	1 10 00	THU	1 10 00	THU	1 10 00	THU	1 10 00
FRI	1 10 00	FRI	1 10 00	FRI	1 10 00	FRI	1 10 00	FRI	1 10 00	FRI	1 10 00	FRI	1 10 00
SAT	1 10 00	SAT	1 10 00	SAT	1 10 00	SAT	1 10 00	SAT	1 10 00	SAT	1 10 00	SAT	1 10 00
JULY		AUGUST		SEPTEMBER		OCTOBER		NOVEMBER		DECEMBER			
MON	1 10 00	MON	1 10 00	MON	1 10 00	MON	1 10 00	MON	1 10 00	MON	1 10 00	MON	1 10 00
TUE	1 10 00	TUE	1 10 00	TUE	1 10 00	TUE	1 10 00	TUE	1 10 00	TUE	1 10 00	TUE	1 10 00
WED	1 10 00	WED	1 10 00	WED	1 10 00	WED	1 10 00	WED	1 10 00	WED	1 10 00	WED	1 10 00
THU	1 10 00	THU	1 10 00	THU	1 10 00	THU	1 10 00	THU	1 10 00	THU	1 10 00	THU	1 10 00
FRI	1 10 00	FRI	1 10 00	FRI	1 10 00	FRI	1 10 00	FRI	1 10 00	FRI	1 10 00	FRI	1 10 00
SAT	1 10 00	SAT	1 10 00	SAT	1 10 00	SAT	1 10 00	SAT	1 10 00	SAT	1 10 00	SAT	1 10 00

**HOLLINS &**  
MAIL CONTRACTORS TO N  
**DAILY COACH**  
To Heidelberg, Kimberley, Natal, and  
Booking Offices: HEYS & CO.

Reklamemurbieljet met jaarkalender vir George Heys se koetsvervoerdienste vir 1895

Foto: Melrosehuis-Museum



Die Melrosehuis as hoofkwartier van die Britse opperbevelhebber  
Kitchener tydens die oorlog in 1900-1902 met skildwagte voor  
die ingangshek met die twee arende

Foto: Melrosehuis-Museum

THE TREATY OF THE  
 PEACE OF VEREENIGING  
 WAS SIGNED ON THIS  
 TABLE AT MELROSE  
 HOUSE · PRETORIA · ON  
 MAY · 31 · 1902 · BY

D
D
  
D
D
  
D
D
  
D
D
  
D
D
  
D
D
  
D
D
  
D
D

Foto van die silwerplaatjie in die tafel waaraan die vredesverdrag van Vereeniging op 31 Mei 1902 in die Melrosehuis onderteken is. Links staan die handtekening Kitchener of Khartoum en Milner namens die Britse Ryk. Regs staan die handtekeninge van die afgevaardigdes van die twee republieke, namens Transvaal S. Burger, F.W. Reitz, Louis Botha, J.H. de la Rey, L.J. Meyer en J.C. Krogh; namens die Oranje-Vrystaat C.R. de Wet, J.B.M. Hertzog, W.J.C. Brebner en C.H. Olivier.

Foto: Melrosehuis-Museum



THE PARADE OF THE WAR CRIMINALS SIGNING THE PEACE TREATY IN GENEVA  
DRAWN BY THE MEDICAL BOARD OF THE U.S. ARMY

### Signing the Peace Treaty

Toeligting by die afbeelding op die teenoorstaande bladsy.

Tekening deur Sydney P. Hall van die ondertekening van die Verdrag van Vereniging in Melrosehuis op 31 Mei 1902. Die Engelse onderskrif lui:

The passing of the war cloud before the Coronation: signing the peace treaty at Pretoria, drawn by our special artist, Sydney P. Hall M.V.D.

Die Coronation was die kroning van Eduard VII in 1902. Die opstelling van die ondertekenaars is soos volg. Links, aan die koppenent van die tafel sit Milner en Kitchener. Aan Kitchener se kant van die tafel sit van links na regs C.R. de Wet as Staatspresident van die Oranje-Vrystaat, opvolger van die siek M.Th. Steyn, en die drie ander Vrystaatse afgevaardigdes: J.B.M. Hertzog, W.J. Brebner en C.H. Olivier. Aan Milner se kant van die tafel sit die Transvaalse afgevaardigdes Schalk Burger as waarnemende Staatspresident, L. Botha, F.W. Reitz, J.H. de la Rey, L. Meyer en J.C. Krogh. Die tekenaar het bygevoeg 'n jeugportret van J.C. Smuts tussen S. Burger en L. Botha, wat egter nie aanwesig was nie, links luitenant-kolonel Hamilton, Kitchener se sekretaris (nie Ian Hamilton nie), regsonder kaptein Henley (in burgerklere) en regsbo 'n my onbekende Britse offisier.

Kitchener wissel 'n paar woorde met De Wet en Hertzog oorhandig 'n stuk papier met 'n aantekening aan Henley, terwyl Reitz opstaan om te verklaar dat hy die verdrag onderteken namens die Zuid-Afrikaansche Republiek maar nie namens homself nie; hy wou die eed van trou aan Eduard VII nie aflé nie en het met sy seuns in tydelike vrywillige ballingskap gegaan.

'n Ander tekening van dieselfde toneel, vanuit die teenoorgestelde kamerhoek gesien, staan in J.J. Oberholster, *Die historiese monumente van Suid-Afrika*, R. van Ryn en Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria 1972, p.304.



**KOL. DR. J. PLOEGER**

## KOLONEL DR. JAN PLOEGER GEHULDIG

Op 11 September 1985 het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te Pretoria - dit is die vernaamste vereniging van Afrikanergeleerdes - in die MUSAION van die Universiteit van Pretoria die "besondere erepenning vir geskiedenisbevordering" oorhandig aan Kol. Dr. J. Ploeger. Dit is een van die hoogste onderskeidings wat 'n historikus in Suid-Afrika te beurt kan val. Die huldigingstoespraak by die oorhandiging is gelewer deur professor F.A. van Jaarsveld, hoof van die Departement Geskiedenis in die Universiteit van Pretoria, ewe-eens 'n historikus van naam in die geskiedskrywing van Suid-Afrika.

Kol. Dr. J. Ploeger is 'n gewaardeerde historikus met indrukwekkende produktiwiteit en met 'n besonder groot aantal publikasies oor die geskiedenis van Suid-Afrika op sy naam. As gebore Nederlander het hy veel gepubliseer oor die bydraes van Nederlandse immigrante aan die ontwikkeling en bloei van hierdie land. Hy was bestuurslid van verskeie kulturele verenigings en het 'n paar verenigingstydskrifte help stig en geredigeer. Hy het talle artikels in *Pretoriana* laat verskyn en gaan nog hiermee voort. Die Akademie se erepenning is 'n laat en welverdiende onderskeiding vir sy wetenskaplike werk.

Hieronder volg die teks van die huldigingstoespraak van prof. F.A. van Jaarsveld by die oorhandiging van die penning. Die teks is oorgeneem uit die Akademie se *Jaarboek* 1985, p. 35 en 47. Ek voeg hieraan toe dat Dr. J. Ploeger getroud is met Alida Ploeger, netsoos hy gebore in die provinsie Groningen in Noord-Nederland, en dat hulle een seun, Hendrik, en twee kleinkinders het.

C. de Jong

### BESONDERE EREPENNING VIR GESKIEDENISBEVORDERING AAN DR. JAN PLOEGER

#### Huldigingswoord deur prof. F.A. van Jaarsveld

Jan Ploeger is op 18 Februarie 1913 in Nederland, in die dorpie Noordbroek in die provinsie Groningen gebore, waar hy van 1925 tot 1928 aan die Rijks Hogere Burgerschool te Sappemeer studeer en hom van 1928 tot 1932 voltyds, en van 1932 tot 1934 deelyds aan die Rijkswekskool voor Onderwyzers te Winschoten bekwaam om o.m. geskiedenis op skool te onderrig. In 1936 emigreer hy na Suid-Afrika, skryf hom in by die Universiteit van Pretoria en behaal in 1937 die B.A. met hoofvakke Afrikaans, Afrikaans-Nederlandse Kultuurgeskiedenis en Geskiedenis (met lof). In 1940 verwerf hy die M.A.-graad in Geskiedenis (onderskeiding) met 'n dissertasie oor *Ulrich Gerhard Lauts (1787-1865), die skakel tussen Nederland en die Voortrekkers* wat in 1940 in *Historiese Studies* gepubliseer word. In 1943 verwerf hy die M. Ed.-graad op grond van 'n verhandeling oor die oorsprong en die grondbeginsels van die CNO.<sup>1</sup> In 1945 word die D. Phil.-graad aan hom toegeken vir sy proefskrif *Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt, 1881-1900*, gepubliseer in die *Argiefjaarboek* 1952.

Dr. Ploeger het in Nederland as laerskoolonderwyser diens gelewer en sy loopbaan in sy aangenome vaderland in 1938 begin toe hy een semester as

tydelike lektor in die Nederlandse Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria opgetree het; in 1939 tree hy in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement en gee sekondêre onderrig aan die Rustenburgse en Nylstroomse hoërskole. Van 1941 tot 1946 dien hy as tydelike lektor in Geskiedenis en Nederlandse Kultuurgeskiedenis aan genoemde Universiteit en tree daarna as joernalis by *Die Volkstem* op; in 1950 keer hy terug tot die onderwys en lewer vier jaar lank diens aan die Pretoriase "High School for Boys", waarna sewe jaar volg aan die "Hillview High School" met Afrikaans en Geskiedenis as vakke. In 1962 word dr. Ploeger na die Departement Werke gesekondeer en skryf die geskiedenis van "Over-vaal", die Administrateurswoning. In 1964 aanvaar hy diens by die Departement Verdediging se Dokumentasiesentrum en word kolonel en senior-stafoffisier Argief en Navorsing, S.A. Weermag. In 1973 het hy op 60-jarige ouderdom afgetree maar aanvaar in dieselfde jaar 'n aanstelling as staatshistorikus met opdrag om die lotgevalle van burgerlikes tydens die Tweede Vryheidsoorlog te boekstaaf, 'n projek waaraan hy tans nog werk, nieteenstaande hy op 70-jarige ouderdom vir die tweede keer afgetree het.

Die skrywer se liefde vir kultuurgeskiedenis het in Groningen ontstaan waar die gesin gewoon het op die grens van 'n gebied wat van die see herwin is. Daarin is kleipotte gevind wat uit die 7e eeu v.C. dateer; ook die nabyheid van 'n vroeg 14e-eeuse Romaans-Gotiese dorpskerk het sy belangstelling geprikkel. In Suid-Afrika het proff. S.P. Engelbrecht, I.D. Bosman en M. Bokhorst sy aandag op die betrekkings tussen Nederland en sy nuwe vaderland gevestig, en het kultuurhistoriese verhoudings in die tydperk van die Groot Trek tot ongeveer 1910 met Transvaal as swaartepunt, 'n nuwe veld vir sy ondersoek geword. Namate hy ouer geword het, het hy dit as sy vernaamste taak gesien om kort, maar deeglik gefundeerde populêrwetenskaplike bydraes oor kultuurhistoriese temas te publiseer met die oog op verspreiding van kennis wat die gewone mens die idee moes bybring dat Geskiedenis die grondslag van 'n doelgerigte volksbestaan vorm - veral in 'n tyd waarin die historiese besef aan die taan was. Dr. Ploeger is oortuig dat die historikus Kultuurgeskiedenis as 'n noodsaaklike opleidingsrigting moet beskou omdat dit sy veld van ondersoek verbreed en hom voeling met sy lesers laat behou. Geskiedenis mag nie in 'n ivoortoring beoefen word nie, maar moet die massas bereik, waartoe tydskrifte 'n belangrike bydrae lewer. Hy hou van besonderhede, pluis sy temas uit en stel objektiwiteit en onbetrokkenheid as 'n hoë prioriteit.

Dr. Ploeger het 'n enorme wye terrein op die gebied van die Kultuurgeskiedenis in 'n ewe wye reeks tydskrifte bestryk - om byvoorbeeld aan *Historia*, *Militaria*, *Africana-Aantekeninge en Nuus*, *Zuid-Afrika* en *Nieuws uit Zuid-Afrika* te dink. Met sy aankoms in Transvaal het hy hom geïnteresseer vir die leefwyse en bydrae van die vroeë Nederlandse immigrante tot die Afrikaner se kultuur. Hy het sowat 4 000 items uit sy geskrifte en boekery aan die Letterkundige Museum<sup>2</sup> geskenk. Naas sy genoemde dissertasies het hy in 1943 'n boek oor *Prins Willem van Oranje, vader van die Nederlandse Vryheid* uitgebring, Paul Kruger se *Gedenkskrifte* in 1947 in Afrikaans geherpubliseer, en in dieselfde jaar bydraes oor o.a. Nederlandse figure soos E.J.P. Jorissen, U.G. Lauts, N. Mansvelt, D. Postma, Erasmus Smit, Jacobus Stuart, D. van der Hoff en G. Beelaerts van Blokland in 'n boek, *Suid-Afrikaanse*

*Heldegally*, uitgebring. Saam met dr. Anna Smith was hy redakteur van 'n *Plate-atlas van die Geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika* (1949) en skryf in 1960 die *Geskiedenis van die uitgewery Wallachs Beperk, 1873-1960* met *De Volksstem* en *Die Volkstem* as sentrum. In 1963 volg *Over-Vaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, wat in opdrag van die Transvaalse Provinsiale Administrasie gepubliseer is. As staatshistorikus het dr. Ploeger drie bande oor die burgerlike aspek van die Tweede Vryheidsoorlog gelewer waarvan die eerste in 1985 ter perse gaan. Hierbenewens het hy 'n afsonderlike geskiedenis van elke blanke konsentrasiekamp opgestel, asook vir die eerste keer dié van Swart konsentrasiekampe, manuskripte waarin op die lewenswyse, ervarings en moraal van mense in gevangenskap gekonsentreer word. Hierdie studies bring onbekende aspekte van die Anglo-Boere-oorlog onder die aandag wat ons beeld van die tema gaan verander.

Dr. Ploeger het in die besture van talle kulturele organisasies gedien, o.a. ook as redakteur van die *Bulletin* van die Stigting Simon van der Stel en *Militaria* opgetree, en in talle ander redaksies gedien. Hy was lid van die S.A. Raad van Oorlogsgrafte en is nog steeds lid van die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging van wie hy in 1974 die Van Riebeeck-medalje, beskikbaar gestel deur die NZAV, ontvang en in 1975 'n silwerpenning van die Stigting Simon van der Stel. Hy het in 1962 lid geword van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden en in 1966 volle lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns op grond van sy "belangrike werk .... aan die uitbouing van die Afrikanersaak". Hy was lid van die Historisch Genootschap te Utrecht en is erelid van die Genootskap Oud-Pretoria, vir wie se *Pretoriana* hy ook as redakteur opgetree het, sowel as erelid van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden.

In 1970 is die KG SAW<sup>a</sup>-aanprysing aan hom toegeken.

Dr. Ploeger se bydrae tot die kultuurgeskiedenis is indrukwekkend, al was dit merendeels in die vorm van etlike duisende artikels wat minder opsigtelik as talle boeke is. Deur sy koms na Suid-Afrika en sy inwerking by die Afrikaanse kultuur het hy ons geesteslewe op 'n voorbeeldige wyse verryk.

Verwysings van die redakteur van *Pretoriana*.

1. Christeljk Nasionaal Onderwijs.
2. Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum te Bloemfontein.
3. KG Suid-Afrikaanse Weermag.

## ONTHULLING VAN GEDENKPLAAT VIR J.J. KIRKNESS, MEESTERBOUER

Op Maandagmôre 23 September 1985 het 'n groep Pretorianers byeekom in die hal van die nuwe Hoofposkantoor aan Kerkplein om die onthulling van 'n gedenkplaat by te woon. Die aanleiding tot die aanbring van dié plaat was dat die kantoor van Mnr. John Johnston Kirkness voor 1900 op die plek van die hal gevestig was en dat hy een van die vooraanstaande sakelui van Pretoria was. Die inisiatief tot die aanbring is geneem deur die Pretoriase Historiese Vereniging, ook die Genootskap Oud-Pretoria genoem.

Hieronder volg die toesprake wat die Posmeester-Generaal Mnr. W.T.B. Ridgard, en die voorsitter van die Pretoriase Historiese Vereniging Dr. N.A. Coetzee voor die onthulling van die plaat gelewer het.

### TOESPRAAK DEUR DIE POSMEESTER-GENERAAL BY DIE ONTHULLING VAN 'N GEDENKPLAAT TER ERE VAN WYLE MNR. J.J. KIRKNESS OP 23 SEPTEMBER 1985

Dr. Coetzee, Mr. Kirkness, ladies and gentlemen,

We have gathered here today to unveil the commemorative plaque in honour of the late Mr J.J. Kirkness on the site where his headquarters and workshop were actually situated during the period 1895 to 1935. It is quite unusual to have a plaque such as this within the precincts of a Post Office building, but I had no hesitation in supporting the request from the Kirkness family in this regard. The western façade of Church Square is steeped in history and I am sure that Pretorians especially would be pleased that an aspect of a bygone age can be commemorated with such a plaque.

May I in passing also say that the long forgotten Commissariat Square just outside this building on the corner of Vermeulen and Paleis Streets, has once again been partly restored as a public square after being used as a parking area for vehicles for a number of years. It is interesting to know that the first artillery corps was accommodated in barracks which were situated on the square during the 1880-1881 war of independence. It also consisted, amongst other things, of an ammunition depot and training grounds.

To come back to the late Mr Kirkness, John Johnston Kirkness was born on 1 April 1857 on the Orkney Islands, North Scotland. During his college years he qualified himself in the building industry, obtained the diploma in Building Construction at the Heriot Watt College in Edinburgh and completed his apprenticeship in the carpenters industry to work as a craftsman at a firm in Glasgow. In 1879 at the age of 22 he emigrated to South Africa, landed at Port Elizabeth and subsequently worked in Durban, Bethlehem and on the Barberton Gold Fields. He returned to the Orkney Islands where he married Mary Ann Baikie on 16 June 1884. He later returned to South Africa and settled in Pretoria in 1887.

Mr Kirkness passed away on 13 June 1939 in the mansion at 255 Pomona Street, Muckleneuk, which he built himself to test the bricks he produced at his brickworks in Groenkloof. The bricks proved to be of good quality as is evidenced by the fact that the house is still standing today and is now the pro-

perty of the University of South Africa.

The well-known "Kirkness" imprinted face-bricks, roof and floor tiles as well as pottery were used throughout the country, in neighbouring countries and even overseas. Sir Herbert Baker, the famous architect, also made use of Kirkness products in the Union Buildings. The Groote Schuur Hospital in Cape Town and the Harare Post Office in Zimbabwe are among those buildings that have been built with "Kirkness" bricks.

The site of the old Kirkness Brickworks on the outskirts of Groenkloof is presently being developed into sports fields for the Pretoria College of Education.

Wyle mnr. Kirkness kan as 'n pionier in die boubedryf in die tyd van die Zuid-Afrikaansche Republiek en selfs later bestempel word. Van die talle strukture wat hy opgerig het, is die volgende reeds as nasionale gedenkwaardighede verklaar:

1. Die vierde en laaste Raadsaal in Bloemfontein.
2. Die Ou Raadsaal in Pretoria.
3. Die Ou Letteregebou en die Ou Wetenskapegebou van die Universiteit van Pretoria.
4. Die Wierdabrug oor die Hennopsrivier.
5. Die Leeubrug oor die Apiesrivier.
6. Die Paul Kruger Hospitaal in Rustenburg.
7. Die ou Hoofgebou van die administratiewe blok van die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut te Onderstepoort.
8. Die Staatsartillerie- en stalle, komplekshuise 1-15.

Benewens die voorgenoemde het wyle mnr. Kirkness nog talle ander bekende geboue opgerig waarvoor aansoek reeds gedoen is om dié wat nog staan, as nasionale gedenkwaardighede te bewaar. Die Ou Munt en Ou Nasionale Barclaysbankgeboue wat tans nog deel van die Pretoriase Poskantoor vorm, is o.a. twee van dié ou geboue, alhoewel kantoor en werkwinkels nie behou gebly het nie.

Notwithstanding the fact that his activities in the building industry must have kept him very busy, the late Mr Kirkness could still find time to make valuable contributions to the economic, cultural and religious activities of the Pretoria of his time. Among other things he was the fourth Mayor of Pretoria and also the President of the National Master Builders' Federation of South Africa. He was also someone who was acutely aware of the plight of the less fortunate members of the community and it is a well-known fact that he contributed liberally to various welfare organisations. He went further than just assisting financially as is evidenced by the fact that he was for many years Chairman of the Pretoria branch of the Prisoners' Friend organisation.

The late Mr Kirkness was indeed a remarkable man who accomplished much in his life-span of just more than 82 years. His son Mr John Kirkness who is also present here today, can be justly proud of his father's fine achievements.

Ladies and Gentlemen, it now affords me great pleasure to unveil this plaque in memory of such a distinguished citizen of our city.

**TOESPRAAK VAN DIE VOORSITTER GENOOTSKAP OUD-PRETORIA  
BY DIE ONTHULLING VAN DIE J.J. KIRKNESS GEDENKPLAAT  
HOOFPOSKANTOOR, PRETORIA, OP 23 SEPTEMBER 1985**

Die Genootskap Oud-Pretoria verwelkom u mnr. W.T.B. Ridgard, Posmeester-Generaal, by hierdie historiese geleentheid waar ons eer wil bring aan mnr. John Johnston Kirkness, pionier van die bou-industrie in Pretoria. Ook verwelkom ons mnr. G.J. van Rensburg, Streekdirekteur Noord Transvaal, mnr. G.C. du Pisanie, Posmeester van Pretoria, mnr. C.G. Maree, Senior Direkteur Werke en Eiendomme, en mnr. G.J.F. van Rensburg, Adjunk Posmeester-Generaal. Dit is vir ons 'n groot eer dat u as die hoogste amptenare van die Departement Poswese hier teenwoordig is. Ook verwelkom ons mnr. John Niven Kirkness, seun van J.J. Kirkness, wat aan die Genootskap Oud-Pretoria 'n aansienlike skenking gegee het om ons in staat te stel om hierdie eerbewys moontlik te maak, aangevul deur die lede wat ons verkry van die Genootskap Oud-Pretoria se lede. Ook verwelkom ons mnr. John Johnston Kirkness, 'n neef, en mnr. D.J. Kirkness, 'n seun van J.N. Kirkness. Ons verwelkom ook die pers en hoop dat hulle 'n mooi verslag van hierdie geskiedkundige geleentheid sal bring vir die algemene publiek om daarvan kennis te neem. Ook verwelkom ek die lede van die Genootskap Oud-Pretoria en veral die Bestuurslede teenwoordig.

Ek vra nou mnr. W.T.B. Ridgard, Posmeester Generaal om die onthulling waar te neem. (Die toespraak volg hierby). Met die onthulling het mnr. Ridgard vir mnr. J.N. Kirkness gevra om die gordyntjie weg te trek; dit was 'n besondere eer aan die seun van sy vader J.J. Kirkness, en ons dank aan mnr. Ridgard vir hierdie grootmoedige daad. Die bewoording op die plaat is soos volg:

**HEAD OFFICE J.J. KIRKNESS LTD**


**ON THIS SITE STOOD THE WORKSHOPS AND REGISTERED OFFICE OF J.J. KIRKNESS (1857-1939) A BUILDER AND CONTRACTOR. HE CARRIED OUT MANY MAJOR CONTRACTS IN SOUTH AFRICA, ESPECIALLY IN PRETORIA, SIX OF WHICH ARE FEATURED IN THE PUBLICATION. "THE HISTORICAL MONUMENTS OF SOUTH AFRICA".**

**HOOFKANTOOR J.J. KIRKNESS BPK.**

**OP HIERDIE TERREIN HET DIE WERKPLAAS EN GEREГИSTREERDE KANTOOR VAN J.J. KIRKNESS (1857-1939), 'N BOUER EN AANNEMER, GESTAAN. HY HET TALLE GROOT KONTRAKTE IN SUID-AFRIKA UITGEVOER, HOOFSAAKLIK IN PRETORIA, WAARVAN SES IN DIE PUBLIKASIE "DIE HISTORIESE MONUMENTE VAN SUID-AFRIKA" VERMELD WORD.**

Genootskap Oud-Pretoria

Old Pretoria Society



Links Mnr. J.N. Kirkness, seun van John Johnston Kirkness,  
regs Mnr. W.T.B. Ridgard, Posmeester-Generaal, by die pas onthulde  
brons gedenkplaat ter nagedagtenis van John J. Kirkness onthul.

Foto: *Pretoria News*

Die aanwesiges het saam met die lede van die Genootskap verversings geniet in die pragtige mooi tuin wat binnehuis ingerig is. In sy bedankings het die Voorsitter die dames van die Poskantoor Restourant bedank. Ook is daarvan melding gemaak dat 'n gedenkplaat vir J.J. Kirkness nog opgerig gaan word op die Ou Kirkness Steenmakery Terrein wat nou deur die Pretoriase Onderwyskollege as kampus ingerig word, en ook in die nuwe industriële dorpsgebied Kirkney in Hercules, Pretoria. Die Poswese is bedank vir die inisiatief wat hulle geneem het met die bewaring en restourasie van die westelike fasades van Kerkplein, van die Ou Munt, en Ou Mutual en die Ou Nasionale Bankgeboue wat uit die Zuid-Afrikaansche Republiek dateer. Dit het die saak van die bewaring van die historiese Kerkpleingeboue in Pretoria gered.

Dr. N.A. Coetzee bedank ook die Poswese vir die pragtige restourasie van die kosbare houtwerk aan die binnekant van die geboue alhier en sien uit na die restourasie van die buitemure (die fasades) wat in vooruitsig gestel word om voor die einde van 1985 afgehandel te wees. Die aanwesige lede word bedank vir hulle bywoning van hierdie onthulling van die gedenkplaat. In die amptelike tydskrif *Pretoriana* van die Genootskap Oud-Pretoria kan hulle volledige besonderhede verkry in die Afrikaanse artikel in No. 86 en die Engelse artikel in No. 88 wat eersdaags sal verskyn. Navraag kan gedoen word by die Voorsitter of Redakteur.

N.A. Coetzee



Onthulling van die J.J. Kirkness Gedenkplaat in die  
Hoofposkantoor – Wandelgang by posbusse  
Pretoria op 23.9.1985  
Van links na regs: N.A. Coetzee, Voorstter Genootskap  
Oud-Pretoria, W.T.B. Ridgard, Posmeester-Generaal en  
J.N. Kirkness, seun van J.J. Kirkness

Foto: *Pretoria News*

## AAANTEKENINGE MET BETREKKING TOT DIE DE RAPPER-GESLAG EN WILHELM ALEXANDER DE RAPPER

deur J. Ploeger

In *Pretoriana* nr. 87 (April 1985) het mnr. T.E. Andrews en dr. C. de Jong 'n aantal wetenswaardighede met betrekking tot Wilhelm Alexander de Rapper en sy eggenote vermeld. Aan De Rapper het 'n gelyknamige straatnaam in Sunnyside herinner, terwyl 'n ander naam, te wete Wilhelmstraat, in dieselfde stadsgeedeelte, tot vandag toe die spreekwoordelike tand van die tyd oorleef het. Dr. C. de Jong spreek die vermoede uit dat De Rapper dalk die vroeëre *Mea Vota* (Rissikstraat 62) gebou het.

In verband met die De Rapper-geslag het mnr. Marten de Rapper van Sneek, provinsie Friesland, Nederland, omstreeks 1979 'n genealogies-geskiedkundige oorsig onder die titel *De familie De Rapper door de eeuwen heen. Joris Draper 1579 – Marten de Rapper 1979* saamgestel en laat verskyn (geen jaartal of plek van publikasie genoem nie, met afbeeldings, stamboom, e.d.m., pp.220).

### Die stamvader en sommige van sy afstammeling

Tydens sy veelomvattende navorsingswerk het die genoemde M. de Rapper 'n familieboekie van Joannes Drapper (1653- ? ) opgespoor, waarin o.m. aangedui was dat Joris Draper, wat in 1579 in Londen gebore was, hom in die Nederlandse stad Middelburg gevestig het, waar hy op 3.5.1615 met mej. Neelken de Keyser getroud is. Uit hierdie huwelik is 'n seun, Joris, in 1619 gebore. Sy van was Drapper toe hy in 1644 in Middelburg met mej. Maria Schale in die huwelik getree het. In die 18de eeu het die spelling De Rapper die reeds genoemde ander spellings vervang. In 1741 is Wilhelm te Middelburg met mej. Johanna Munnik getroud. Uit hierdie huwelik is, in 1746, Jacob de Rapper gebore. Hy is in 1776 met mej. Susanna Deurwaarder, ook van Middelburg, getroud en uit hierdie egverbintenis is, in 1780, 'n seun – Wilhelm – gebore.

Hierdie Wilhelm, wat in Middelburg die eerste lewenslig aanskou het, was van 1802 tot 1805 student in die teologie te Utrecht en daarna agtereenvolgens leraar in die gemeente Ellewoutsdijk, Hoedekenskerke, Drumpt, Noordeloos, Nederhemert en Hedel. Uit sy huwelik met die predikantsdogter, mej. Cornelia Keer, is op 20.3.1806 'n seun, Jacob, gebore.

Jacob de Rapper is in 1829 met mej. Marigje Blokland van Hardinxveld (naby Gorinchem) getroud en uit hierdie huwelik is o.m., op 27.5.1841, 'n seun, Wilhelm Alexander, te Nederhemert (naby Heusden) gebore. Vir die doeleindes van hierdie aantekeninge is dit voldoende om te weet dat hierdie Wilhelm Alexander de Rapper later 'n deel van sy lewe in Pretoria sou deurbbring en dat die genealogiese gegewens wat aan mnr. Marten de Rapper se publikasie ontleen is, onvolledig is.

## Wilhelm Alexander de Rapper

Vader Jacob de Rapper was ontvanger van inkomste en in dié hoedanigheid vanaf 1846 in die provinsie Friesland, Nederland, te Berlikum, Holwerd, Baard en Dronrijp werksaam. Uit sy reeds genoemde huwelik met mej. Marigje Blokland is nege kinders gebore. Die moeder is in 1849 oorlede en op 17.8.1850 hertrou die wewenaar mnr. Jacob de Rapper te Ternaard, provinsie Friesland, met mej. Antje Uilkes Stiemsma. Uit hierdie huwelik is twaalf kinders gebore en in 1872, die sterfjaar van mnr. Jacob de Rapper, was Wilhelm Alexander, wat reeds meerderjarig was, die enigste kind uit die eerste huwelik wat nog in die ouerlike huis vertoef het. Hy was op dié tydstip skrynwerker en bou-aannemer op die dorpie Marsum, naby Franeker. Aan mnr. Marten de Rapper se publikasie is, met verwysing na die jare wat Wilhelm Alexander de Rapper in Nederland deurgebring het, die volgende besonderhede ontleen:

Hy was getroud met mej. Aukje Tjeerds de Jong, wat op 11.4.1871 oorlede is. Uit hierdie huwelik is die volgende kinders gebore: Gelske, gebore op 3.3.1870 te Leeuwarden; Jacob, gebore op 27.3.1871 te Marsum.

Op 7.12.1871 is Wilhelm Alexander de Rapper, wat as wewenaar te Marsum gewoon het, met mej. Maïke Lintzens Kingma in die huwelik getree. Sy was op 3.4.1853 te Jelsum, naby Leeuwarden, gebore en uit hierdie egverbintenis is die volgende kinders gebore: Fettje, gebore op 3.3.1873 te Marsum; Jacob, gebore op 2.10.1875 te Marsum; Margje, gebore op 2.10.1877 te Arum (naby Harlingen); Lucia Maiziena, gebore op 12.12.1879 te Arum; en Luitzen, gebore op 15.2.1883 te Arum (oorlede op 23.7.1883).

Van Wilhelm Alexander de Rapper is verder o.m. bekend dat hy in of omstreeks Januarie 1876 'n skrynwerkersbedryf te Arum gekoop het en in dieselfde dorpie die pastorie, die dorpsdokter se huis en die herberg "De gekroonde Leeuw" gebou het. In mnr. Marten de Rapper se publikasie verskyn foto's van W.A. de Rapper se woonhuis te Arum en die reeds genoemde herberg.

Behalwe dat Wilhelm Alexander de Rapper skrynwerker en bou-aannemer was het hy ook meulens gebou. Op die een of ander wyse het sy bedryf egter nie gefloreer nie. Hy het bankrot gespeel en in Maart 1884 het hy en sy gesin in Amsterdam gaan woon en vervolgens na Pretoria vertrek.

Sy tweede vrou was 'n dogter van Luitzen Ymke Kingma en sy eggenote Fettje Kingma (geb. Van der Stem). Sy is op 31.10.1901 op Pretoria oorlede, terwyl Wilhelm Alexander de Rapper op 13.8.1912, ook op Pretoria, die tydelike met die ewige verwissel het.

Jacob de Rapper, wat volgens mnr. Andrews, in 1913 in die De Rapperstraat gewoon het, was op 2.10.1875 te Marsum gebore. 'n Foto van hom verskyn op p.109 van mnr. Marten de Rapper se werk.

## DIE SUIDELIKE STERREWAG VAN LEIDEN BY PRETORIA

Die Sterrewag te Leiden in Nederland is in 1633 gestig en is een van die oudste en bekendste sterrewagte ter wêreld. In ons eeu was sterrekundiges van wêreldfaam direkteur daarvan, by name prof. W. de Sitter, E. Hertzsprung (Deen van geboorte) en prof. J.H. Oort.

Die omstandighede vir waarneming van sterre is in die Suidelike halfgrond veel gunstiger as in die Noordelike omdat hier meer groot sterre gedurende meer maande sigbaar is en hier groot gebiede minder dig bevolk is en daardeur minder lugbesoedeling het; weens die subtropiese klimaat is hier ook minder bewolking. Daarom het verskeie sterrewagte van die Noordelike halfgrond waarnemingsposte in die Suidelike ingerig. So ook Leiden; in 1923 het die Leidse sterrewag 'n pos in die Unie Sterrewag in Johannesburg geopen. In 1954-57 is dié pos verskuif na 'n terrein aan die Hartebeespoortdam. In 1982 is dié terrein deur Leiden oorgedra aan die WNNR. 'n Groep Wes-Europese lande, waaronder Nederland, het naamlik 'n nuwe, gesamentlike sterrewag in Chili gestig omdat die omstandighede vir waarneming daar nog gunstiger as in Suid-Afrika is. Ons mag daarby geen politieke motiewe vermoed nie, want sterrekundiges hou hulle met die heelal besig en sien meestal neer op die futiele geskille en twiste op ons klein planeet Aarde. Leidse astronome is dan ook meestal nie anti-blank Suid-Afrika gesind nie.

Talle Leidse astronome van naam, soos E. Hertzsprung, A.M. van Genderen en Theo Walraven, het geruime tyd in Suid-Afrika gewerk. Besonderlik Walraven mag as geniaal beskou word as sterrekundige en ook as tegnikus. Hy het onder meer die "Light Collector" wat hierna beskryf word, ontwerp. By sy onlangse pensioenering het hy en sy vrou wat hom ywerig bystaan, hulle te Cornelia op die Vrystaatse platteland gevestig om met hul eie kykers hul waarnemings voort te sit.

Leiden het die "Light Collector", wat sy eiendom is, na Chili oorgeplaas, maar gelukkig het die Rockefeller-kyker - eiendom van Leiden - en die Franklin-Adams-kyker - eiendom van die regering van die RSA - te Hartebeespoort vir daaglikse gebruik agtergebly. In 1983 was die Leidse Sterrewag 350 jaar oud en hy het toe die jubileumboek *De Leidse Sterrewacht*, saamgestel deur Gijsbert van Herk, Herman Kleibrink en Willem Bijleveld, uitgegee by die Uitgewery Waanders en De Kler, Zwolle 1983. Daarin is 'n afsonderlike hoofstuk op p. 74-80 aan die tak van die Leidse Sterrewag in Transvaal gewy. Hieronder volg 'n vertaling van die ietwat verkorte teks van dié hoofstuk uit Nederlands in Afrikaans; sommige tegniese uiteensettings is weggelaat.

C. de Jong

## DIE LEIDSE SUIDELIKE STERREWAG (vertaling)

Nadat die ooreenkoms tussen die direkteure van die Unie Sterrewag en die Leidse Sterrewag in 1923 gesluit was, het Hertzsprung reeds in Oktober van dié jaar na Johannesburg vertrek met die doel om daar 'n halwe jaar lank waar te neem. Sy verblyf daar sou een-en - 'n halwe jaar duur. Hy het sy waarnemings gedoen met die Franklin-Adams-teleskoop wat 'n opening van 26 sentimeter (cm) en 'n brandpuntsafstand van 113 cm het. Op een fotografiese plaat word 'n veld van 18 by 18 grade afgebeeld. Die doel was om variabele sterre (met 'n veranderlike ligsterkte) op te spoor. Die Leidse Sterrewag het in 1957 reeds 17 000 fotografiese plate besit wat met hierdie kyker verkry was; die grootste deel daarvan is gemaak deur H. van Gent - hy het ná 'n buitengewoon aktiewe lewe helaas reeds in 1947 gesterf.

Na Hertzsprung het W.H. van den Bos na Johannesburg gegaan om die relatiewe posisies van dubbelsterre te bepaal en die Suidelike hemel te deurvors na onontdekte dubbelsterre. Van den Bos het in 1941 direkteur van die Unie Sterrewag geword.

Die Leidse Sterrewag het nie slegs gebaat by die instrumente wat eiendom van die Unie Sterrewag was nie, maar ook by 'n teleskoop wat die besit van die Yale Sterrewag in die Verenigde State was. Hiermee is in die eerste jare van Van Gent se verblyf in Johannesburg 'n groot aantal plate van die bolvormige sterrehoop Omega Centauri opgeneem. Weens die lang brandpuntsafstand van dié kyker is die plate se skaal besonder gunstig sodat die sterre oor 'n groot gebied van die bolhoop afsonderlik sigbaar is. Die doel was weer om die veranderlike sterre in hierdie hoop te ondersoek.....

Die bestudering van hierdie materiaal is toevertrou aan W.Chr. Martin. Hy kon ook gebruik maak van 'n aantal plate wat deur die sterrewag van Lembang in Java opgeneem was; hierdeur kon die tydperk van sommige variabele (sterre) veel beter bepaal word. ....

Hertzsprung se werk het die gedagte laat ontstaan om in Johannesburg 'n groter instrument te plaas wat beter geskik vir die opsporing van veranderlike sterre as die Franklin-Adams-kyker sou wees. Hertzsprung het gedink aan 'n battery van 16 dubbele kamera's op 'n gemeenskaplike montering sodat tegeelykertyd 16 verskillende velde van die hemel in twee kleure gefotografeer kon word. Hierdie voorstel is nooit verwesenlik nie, maar na vele onderhandelings het daaruit iets anders voortgespruit: die Rockefeller Foundation het 'n ruim donasie vir die aanskaf van een groot dubbele kyker gemaak en sou vir 'n deel van die onderhoud sorg. Een van die voorwaardes was dat uit Nederland jaarliks tienduizend gulden bygedra moes word. Hierdie bedrag is vir 'n derde uit private bron en vir twee derdes deur die Nederlandse Staat betaal.

Die regering van Suid-Afrika het in 1929 aan professor W. de Sitter (direkteur van die Sterrewag in Leiden) aangebied om te sorg vir 'n gebou waarin die Rockefellerkyker onderdak sou kry. Vir die beheer van die gelde vir die kyker bestem is die stigting "Het Leidsch Sterrewachtfonds" tot stand gebring. Die Engelse firma Grubb, Parsons & Co. het die kontrak vir die bou van die kyker gekry. Hertzsprung het die voorwaarde gestel dat die glas van die lense en objektiefprisma's 'n hoë deurlaatbaarheid vir ultraviolette lig moes hê. Die

firma kon egter nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie. Toe dit blyk dat die firma Zeiss in Jena (Duitsland) wel met die goeie glas kon werk, is die bestelling vir die optiek van die kyker daar geplaas; inmiddels is die objektiewe wat deur Grubb & Parsons vervaardig is, gehuur vir die tyd wat Zeiss vir die vervaardiging nodig sou hê.

Die kyker is aan die einde van 1938 na Suid-Afrika verskeep en daar opgestel. Hertzprung en A. de Sitter, seun van prof. W. de Sitter, het die instrument gekeur. In 1939 het A. de Sitter na die Bosscha-sterrewag te Lembang op Java<sup>1</sup> vertrek. Hy is opgevolg deur W.Chr. Martin wat later ook na Java vertrek het. Albei veelbelowende jong astronome het helaas in Japanse krygsgevangenskap omgekóm. 'n Ander jong sterrekundige wat ook in Oos-Indië was, J. Uiterdijk, het om die lewe gekóm toe die Japanse transportskip waarop hy was, getorpedeer is. Die student W.H. Dirks het in 1946 in Oos-Indië gesneuwel.<sup>2</sup>

Die pad van die Zeiss-objektiewe het nie oor rose gegaan nie. Die eerste gieting van die glas het misluk en dit het 'n vertraging van ongeveer 18 maande veroorsaak. In dié tyd het Wêreldoorlog II uitgebreek en Zeiss het in Oktober 1940 meegedeel dat die objektiewe amper gereed was, maar dat voltooiing daarvan onmoontlik was. Na Wêreldoorlog II het gebleek dat Zeiss die objektiewe veilig ondergronds gebêre het in die omgewing van Jena. Jena het egter in Russiese hande gekóm en die Russe het die eerste betaling van 25 000 goudmarke as ongedaan beskou en het die volle prys van 20 000 VSA-dollars geëis. Einde 1949 is tussen Nederland en die Duitse Demokratiese Republiek 'n handelsverdrag gesluit en as deel daarvan kon die objektiewe vir 10 150 VSA-dollar gelewer word.

In 1949 is aan die Leidse Sterrewag gemeld dat die objektiewe geheel gereed was; daarna het P.Th. Oosterhoff na Jena gegaan om die toetse te kontroleer. Begin 1950 het die nuwe objektiewe in Suid-Afrika aangekom. Nadat hulle in die Rockefeller-kyker gemonteer was, is daarmee 'n "survey" (ondersoek) van veranderlike sterre in die hele suidelike Melkweg en van bolvormige sterrehope uitgevoer.

Inmiddels het Theo Walraven in Leiden die tegniek van die foto-elektriese fotometrie van die grond af opgebou en tot 'n hoë volmaaktheid gebring. Die eerste proefmetings met 'n eenvoudige fotometer in die Suide is deur A.J. Wesselink in 1949 uitgevoer. Na Wesselink se vertrek na die Radcliffe-sterrewag (by Pretoria) het Walraven sy opvolger geword. Hy het sy polarimeter aan die Rockefeller-kyker getoets en het daarna 'n "vergelykfotometer" gebou. Hiermee is vermy dat die waarnemer verskillende metings na mekaar moes verrig wat altyd tydverlies veroorsaak het en die noukeurigheid ongunstig beïnvloed het. Die toestand in die dampkring ondergaan naamlik steeds geringe skommelinge wat nie of nouliks in rekening gebring kan word. By die ondersoek van die ster Al Valorum het Walraven by waarnemings dig by die meridiaan 'n gemiddelde spreiding van nie meer as 0,002 magnitudes per minuut bereik.

In 1952 het Walraven 'n tweekleurefotometer vir waarnemings in die blou en violet gedeelte van die kleurspektrum ontwerp. Met hierdie fotometer het hy in 1953-55 ondersoek gedoen na die helderheid en kleur van Cephoïdes wat later deur A.B. Muller en P.Th. Oosterhoff voortgesit is ..... Hulle het

die ou Franklin-Adams-velde en ander velde met die Rockefeller-kyker opnuut waargeneem, ook weer om variabele sterre te vind. ....

### **Verhuising na die Hartebeespoortdam**

Toe die klimatologiese omstandighede in Johannesburg deur die stad se uitbreiding en die gepaardgaande lugbesoedeling die waarnemings deur astrome steeds meer bemoeilik het, het die Leidse waarnemers verhuis na 'n terrein wat geleentheid vir ongesteurde voortsetting van hul waarnemings gebied het. Die nuwe sterrewag het verrys in 'n reservaat by die Hartebeespoortdam. Die Suid-Afrikaanse regering het opnuut gesorg vir 'n wesenlike bydrae deur die nuwe gebou vir die kyker en die wonings vir die waarnemers te finansier. In die herfs van 1954 het die Unie Sterrewag die Franklin-Adams-kyker na Hartebeespoortdam verplaas en in die begin van 1957 het die Rockefeller-kyker gevolg.

### **Die Light Collector**

By die opening van die nuwe sterrewag is ook 'n geheel nuwe kyker, bekend as die "Light Collector", in gebruik geneem: Die naam dui aan dat dié instrument as hoofdoel het om soveel lig as moontlik van een ster te versamel ..... Die optiek van die kyker is ontwerp en vervaardig by die Yerkes sterrewag in die Verenigde State. Die firma Rademakers in Rotterdam het die konstruksie van die teleskoop uitgevoer en die stuurinrigting van die kyker is ontwerp en gemaak op die sterrewag in Leiden. .... Die vyf fotometers wat aan die kyker gekoppel is, is almal deur die egpaar Walraven ontwerp. ....

J.W. Pel het in 1970-71 talle metings van die variasies in die liguitsending van talle Cephoïdes verrig. A.M. van Genderen wat in 1971-78 op die Suidelike sterrewag gebly het, het baie waarnemings van veranderlike sterre gedoen ..... Waarnemings van hierdie soort sterre is al vroeër gedoen maar met Walraven se vyfkleurefotometer het dit moontlik geword om 'n baie noukeuriger denkbeeld van die aard van hierdie sterre te kry. ....

In 1975 het die egpaar Walraven 'n nuwe fotometer gekonstrueer en in gebruik geneem vir 'n ondersoek van die sterre in die Magellaanse Wolke .....

### **Oordrag van die sterrewag deur Leiden**

Die toestand van die lug by die Hartebeespoortdam het helaas versleg as gevolg van die lugbesoedeling deur die vinnig uitbreidende stede Johannesburg en Pretoria. Daar is besluit om die sterrewag in te lyf by die European Southern Observatory, 'n organisasie van agt Europese lande wat 'n groot sterrewag gebou het in die pragtige klimaat van die Andesgebergte, 600 kilometer noord van Santiago de Chile. In 1978 is die Light Collector met die Walraven-fotometer daarheen oorgebring en daar die "Dutch Telescope" genoem. Die Rockefeller-kyker is in 1982 vir vyf jaar aan die Wetenskaplike Nywerheids- en Navorsingsraad (WNNR) oorgedra. Die WNNR het die Universiteit van Suid-Afrika die reg gegee om waarnemings met dié kyker te doen.

## Verwysings van die redakteur van *Pretoriana*

1. Dit is die Bosscha-Sterrewacht te Lembang by Bandung in die hoogland van Java. Dit is genoem na Karel Albert Rudolph Bosscha, Den Haag 1865 - Bandung 1928. Die huidige sterrewag te Lembang heet nog steeds na Bosscha en die Leidse Sterrewacht verskaf nou nog geld uit die Bosschafonds vir waarnemings deur die Bosscha-sterrewacht.
2. Dit het gebeur tydens die onafhanklikheidsoorlog van die republiek Indonesië teen Nederland in 1945-49 gevoer.



Theo Walraven agter die Light Collector op die Suidelike Sterrewag in Suid-Afrika. Aan die instrument, waarvan die hoofspieël 'n middellyn van 90 cm het, het die egpaar Walraven 'n uiters gevoelige en doelmatige fotometer gebou. Dié fotometer is in skema op die bygaande foto ingeteken. Die lig van een ster word in 5 kleurstreke gesplits en die lig van elke streek word na 'n afsonderlike fotosel gestuur, sodat tegelykertyd die ligintensiteit in 5 kleurstreke geregistreer word. Die fotoselle sit die opgevangne lig om in 'n elektriese stroom soos by 'n beligtingsmeter. So 'n stroom kan heel noukeurig gemeet word. Die kleurstreke is só uitgesoek dat uit die waarnemings die werklike ligkrag en oppervlaktetemperature van die sterre afgelei kan word. Hieruit volg die afstand en leeftyd van die ster. — Foto en byskrif is ontleen aan G. van Herk en andere, *De Leidse sterrewacht*, Zwolle 1983, p. 76-77.

**PRETORIA CITIZENS SERVICE MEDAL : GREAT WAR,  
1914-1919**

by **Henk Loots**

From time to time medal collectors find groups, spanning the First World War period, which contain a bronze medal with a red and yellow ribbon and the inscription on the reverse "Pretoria Citizens Service Medal: Great War 1914 - 1919" in the upper half and in the lower half "Dienst Medalje van Pretoria's Burgers: Grote Oorlog 1914 - 1919". The obverse of the medal has the Coat of Arms of Pretoria with supporters, crest and motto "Praestantia Praevaleat Pretoria" on ribbon.

Up to now very little has been known about the circumstances surrounding the issue of this unofficial First World War Medal. Although it is listed under item 167 in the preliminary catalogue "Commemorative Medals of South African Interest in the Africana Museum" published by the Museum in 1979, the sub-entry under the heading 'Literature' reads 'not traced'. Enquiries made by the Medal and Coin Section of the National Cultural Historical Museum in Pretoria in the late 70's have also been unsuccessful.

During a recent visit, however, to the State Library in Pretoria, I noticed a copy of the Mayor's Minutes for the then Pretoria Town Council, period 1915 - 1919. Under the heading "WELCOME TO RETURNED SOLDIERS, ETC., AND ERECTION OF WAR MEMORIAL" the following appeared:

'The General Purposes Committee presented the following report at a Meeting of the Council held on June 13th, 1919:

- (a) In the month of January, the Council passed the following resolution: "That, subject to the approval of the Government, this Council adopt the principle of the erection of a Memorial to local fallen soldiers, on Church Square or other approved site<sup>1</sup>; that the details in connection with the scheme, and the formation of a Citizen's Committee be arranged by the General Purposes Committee who shall report to the Council."
- (b) At a Public Meeting convened by His Worship the Mayor and held in the Municipal Hall on the 6th May, 1919, the following resolutions were unanimously passed:
  - (1) That this Public Meeting of Pretoria Citizens resolves that a public welcome shall be given to Returned Soldiers, Sailors and Airmen.
  - (2) This Meeting of the Citizens of Pretoria resolves that the Town Council be requested to extend a Civic Welcome to, and entertain the Returned Soldiers, Sailors and Airmen.
  - (3) That this Public Meeting of Pretoria Citizens requests the Town Council to give permission for the erection of a suitable memorial in the centre of Church Square to all Pretorians who have fallen in the Great War.

- (4) That a Committee consisting of Sir John Wessels, The Lord Bishop of Pretoria, His Worship the Mayor, the Deputy Mayor, and the Presidents of the various Patriotic Societies, be appointed to carry out the necessary arrangements”.
- (c) Under powers of Section 87 (1) of the Local Government Ordinance 1912, the Council may lay out and adorn any square or open space the property of or vested in the Council by any architectural or other scheme of ornamentation including statues, fountains, or other structures, and under powers of Section 87 (7) the Council may incur a reasonable amount of expenditure necessary for public entertainment.
- (d) Crown Grant No. 103 by which Church Square was vested in the Council in trust for the perpetual use and enjoyment of the inhabitants of Pretoria provides that no buildings, statues or memorials of any description shall be erected on or other improvement effected to the ground without the sanction of the Lieutenant-Governor being first obtained thereto.

The Council resolved:

- (a) That a civic welcome to extended to Returned Soldiers, Sailors, Airmen, Nurses, etc., in or about the month of August, 1919, and that the sum of £1,000 be voted to meet the expenditure in connection therewith.
- (b) That, subject to the approval of the Administrator in terms of the Crown Grant referred to, the Council agree to the erection, in the centre of Church Square, of a memorial to all Pretorians who have fallen in the Great War.
- (c) That the Council donate the sum of £1,000 as a nucleus of a War Memorial Fund.
- (d) That the Council be represented on the War Memorial Fund Committee by a member of the Town Council and the Town Engineer; and that the accepted design of the Memorial must be to the approval of the Council.

At the next meeting of the Council the Committee appointed to organise the welcome to Returned Soldiers reported that they had made the following arrangements:

- (a) To hold the civic reception to Returned Soldiers, Sailors, Airmen and Nurses in Burgers Park, during the period set apart for the Peace Celebrations.
- (b) To present each Pretoria soldier, Sailor, Airman and Nurse with a medal of bronze or gunmetal of the regulation size, with a bar and colours of the Municipality attached; the medal being embossed on one side with the Pretoria Municipal Coat of Arms and on the reverse with the words in the English and Dutch Languages “Pretoria Citizens Service Medal. Great War 1914 - 1919.”

It would seem that the peace was extensively celebrated in Pretoria in 1919. These celebrations were interwoven with the Welcome to Returned Soldiers and this welcome included the homecoming of Generals Botha and Smuts. As two days elapsed between the conclusion of the peace celebrations and homecoming of the generals, the town remained decorated for the whole of the week.


The decorations and illuminations, according to the Mayor, were of a description never before attempted in Pretoria and a number of photographs appeared in the Mayor's Minutes, where it was stated that particularly the Union Buildings were illuminated by what is known as Flood Lighting in addition to the usual coloured electric lamps. To quote again from the Mayor's Minutes: "Pretoria at times looked like a fairyland and I hoped and believed that all our Pretoria boys who were in Pretoria had a thoroughly good time and really believed that we were glad they were back and were grateful to them for all they had done for us and for South Africa and the Empire during the Great War".

The official Programme of Events which according to the Mayor's Minutes "details all we attempted to do, which went off without a hitch of any kind" is still available. From this it is clear that on Monday, the 4th of August 1919, bronze Commemorative Medals for 1914 - 1919 War were presented by his Worship the Mayor to all returned nurses, soldiers, sailors and airmen who attended the particular meeting, and by implication, were Pretorians by residence. It is also interesting to note that the Military ceremony, when War Medals earned by men who served in the Great War, were presented, took place on the previous day, Sunday, the 3rd of August 1919.

Sketches of the medal as shown in these Minutes are reproduced herewith as well as a facsimile of the Memorial Card sent to the relatives of those Pretorians who fell in the Great War. It would be interesting to hear from any member of the Society who has a specimen of this Memorial Card.

If any members have details of groups containing this particular Memorial War Medal please let the Society know about it. This would be a first step in ascertaining whether only Pretoria residents were eligible for this particular medal.

1. This intended memorial has never been erected by the City Council (note of the editor).



The Medal presented to all Pretoria Citizens who took part in the Great War.



The Memorial Card sent by His Worship the Mayor to the relatives of those Pretorians who fell in the Great War.

## MOONTLIKE VOORBEELDE VIR REISACHER SE SKILDERYE VAN DIE TWEDE ANGLO-BOERE-OORLOG TE PRETORIA (1)

deur C. de Jong

### Die herkoms van die skilder Reisacher en sy werk

In 1969 is in Duitsland vyf groot skilderye met tonele uit die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902 ontdek. Die skilder is Sylvester Reisacher, 1862-1916, vroeër bekend as onder meer veldslagskilder, in Duits "Schlachtenmaler". Sy opdraggewer is tot dusver onbekend. Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum (NASKO) te Pretoria het in 1972 die vyf skilderye aangekoop en Minister P. Koornhof het op 2 September 1976 die uitstalling daarvan in die Museum aan die Boomstraat geopen. Hulle is die museum se pronkstukke. Mnr. Ton Henning, vakkundige van die Museum, het inligting oor Reisacher as mens en skilder verskaf en die vyf skilderye en die uitgebeelde veldslae uitvoerig beskryf in die brosjure *Vyf skilderye van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, wat deur NASKO in 1976 gepubliseer is. Hy kon egter enkele vrae wat deur die navorsing oor die skilder en sy werk opgeroep is, nog nie beantwoord nie. Ek wil probeer om hulle te beantwoord.

Die eerste vraag is of Reisacher 'n egte of 'n onegte, buite-egtelike seun van die kunsskilder Gabriel Reisacher was. Mnr. Henning meen dat sy moeder - Ehefrau Reisacher - 'n byvrou was, maar Ehefrau beteken wetlike eggenote en ons mag gerus aanneem dat Sylvester 'n egte, wetlike seun was.


Die tweede vraag is of Sylvester Suid-Afrika tydens of na die Anglo-Boere-oorlog besoek het soos ander oorlogskunstenaars en tekenaars as "Kriegsmaler" gedoen het, van wie Mnr. Henning 'n reeks Britse name noem. Reisacher se noukeurigheid en lewendigheid pleit daarvoor dat hy sy werk in Suid-Afrika gemaak of altans met sketse en tekeninge voorberei het. Maar tot dusver is geen spoor van 'n besoek deur hom aan Suid-Afrika gevind nie. Die goeie eienskappe van sy vyf werke in NASKO kan m.i. verklaar word uit sy nougesette studie van die talryke tekeninge en sketse wat veral in Brittanje gepubliseer is en wat regstreeks uit Suid-Afrika afkomstig was. Ons mag daarom gerus aanneem dat Reisacher Suid-Afrika waarskynlik nie besoek het nie omdat dit vir die vervaardiging van sy skilderye nie noodsaaklik was nie.

Die derde vraag is watter bronne en voorbeelde hy gebruik het as ons aanneem dat hy nie in Suid-Afrika gewerk het nie. Mnr. Henning het nie geprobeer om hierdie vraag te beantwoord nie. Ek meen voorbeelde vir Reisacher se skilderye te herken in gepubliseerde werke, ook kan vir sommige van die skilderye slegs waarskynlikheid en geen absolute sekerheid verskaf word nie.

Reisacher was as skilder 'n vakman en bekwaam in die uitbeelding van wye landskappe met talle menslike figure daarin. Hy was 'n leerling van die "Schlachtenmaler" Ludwig of Louis Braun, wat verbonde was aan die militêre akademie in München, Suid-Duitland. Reisacher toon ook in die vyf werke in NASKO dat hy die weergawe van landskappe, selfs in vreemde wêrelddele, en die veeleisende komposisie van slagveldtaferele met woelende mensemassa's in vinnige aksie onder sonnige of sombere beligting beheers.



Skildery deur Sylvester Reisacher van die beleg van Ladysmith deur die Boere in 1899-1900, aanwesig in die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum te Pretoria (NASKO). Die toeskouer se blik is na die suide gerig waar ver weg in die vlakte Ladysmith lê. Regs is die Long Tom-kanon op Bulwanaheuwel weergegee tydens 'n beskieting van die stad. Links van dié kanon staan vier Boere-offisiere wat met mekaar beraadslaag.



The Siege of Ladysmith, Jan. 1900. View from Bulwana Hill  
 From a sketch by George Lynch, War Correspondent.  
 The hospital train is here shown on its way to Intombi Camp with its  
 daily load of sick and wounded.

Uit: Louis Creswick – South Africa and the Transvaal War  
 Volume III (deel 3) Edinburgh-Cape Town 1900, p.128

Indien hy die vyf skilderye in die chronologiese volgorde van die uitgebeelde veldslae gemaak het, toon hulle 'n interessante ontwikkeling in sy werk. Hy het begin om sy voorbeelde noukeurig na te volg; dit blyk duidelik uit sy eerste twee skilderye in NASKO. Maar as kunstenaar had hy die talent om bestanddele van sy voorbeelde selfstandig te groepeer en te varieer. Sy latere drie werke is dan ook in toenemende mate vryer van sy voorbeelde en selfstandiger van opset.

### **Eerste skildery: Die beskieting van Ladysmith**

Dit lyk my dat Reisacher die bekende sketstekening van George Lynch, oorlogskorrespondent van die Britse pers in Suid-Afrika, noukeurig gevolg het. Dit stel 'n uitsig vanaf die Bulwanaheuwel met een van drie Long Tomkanonne na Ladysmith voor. Die omtrek van die vlakte, waarin die dorp geleë is, die loop van die Kliprivier en van die spoorlyn skuins deur die vlakte en die koppies rondom kom redelik ooreen met Lynch se werk. Laasgenoemde is afgebeeld in onder meer Louis Creswick, *South Africa and the Transvaal War*, volume III, Edinburgh - Cape Town 1900, p.128, en L. Penning, *De oorlog in Zuid-Afrika*, deel een, Rotterdam 1900, p. 232-233. Reisacher het die kaal voorgrond in Lynch se skets waar slegs enkele name as aanduiding staan, uitvoerig aangevul met gegewens, ontleen aan ander tekeninge en aan foto's. Sommige van laasgenoemde het ek ter vergelyking bygevoeg. Links is 'n Krupp-veldkanon van die Boere in aksie, regs 'n Creusot-vestingkanon, bygenaam Long Tom. Die vloer van planke onder die Long Tom is van foto's bekend. Die Boer met die lang, opgestoke stok links langs die Long Tom herinner my aan die artilleris met kanonloopwisper op dieselfde plek op 'n afbeelding in L. Penning, deel een, 166, wat dus moontlik deur Reisacher gebruik is.

Links van die Long Tom staan 'n groep Boere-offisiere wat met mekaar gesels. Ons moet onthou dat een van die beginsels van die veldslagskilderkuns van alle tye - ook van Reisacher - was om aan die veldhere 'n opvallende plek te gee. Ons moet dus in die vier offisiere Boeregeneraals vermoed. Mnr. Charles More te Pretoria het geopper dat die offisier regs die Fransman Georges de Villebois-Mareuil is en die offisier links generaal D. Erasmus. Eersgenoemde is maklik herkenbaar aan sy Franse blou uniform met tresse. Hy is voor die oorlog in dié uniform in Europa gefotografeer en verskyn so in boeke oor die oorlog. Hy het in Suid-Afrika egter altyd 'n grys pak klere met swart knope en 'n Boerehoed gedra. Wie kan die ander offisiere in Boereklleding wees? Ek dink aan die bekende foto waarop die generaals Lucas Meyer, Louis Botha en D. Erasmus aan die Natalse front afgebeeld staan. Dit is moontlik om in die offisier links die swartgebaarde D. Erasmus te herken wat as generaal in 'n oorlog teen Swartes die bynaam generaal maroela ('n boomsoort) gekry het. Die twee ander offisiere is nog moeiliker te herken, maar dit is moontlik dat die skilder met hulle Meyer en Botha as opperbevelhebber en onderbevelhebber aan die Natalse front op die oog gehad het.

(word vervolg)



“Long-Tom” in stelling vóór Ladysmith

Uit: L. Penning — De oorlog in Zuid-Afrika  
H.A. Daamen, Rotterdam, (1900)



Foto van drie Boeregeneraals aan die front in Noord-Natal in 1899.  
Van links na regs: Lukas Meyer, opperbevelhebber in Noord-Natal,  
Louijs Botha en Daniël Erasmus ("generaal maroela")  
Foto: Transvaalse Argiefbewaarpark, Staatsargief Pretoria

## DIE PORTRET VAN PRESIDENT KRUGER IN DIE KONINKLIKE PALEIS HET LOO

deur C. de Jong

Die statige Koninklike Paleis "Het Loo" (dit beteken "die woud") by Apeldoorn is sedert 1983 'n nasionale museum. By my besoek aan die Paleis - gebou vir Stadhouer Willem III (1672-1702) - in Augustus 1985 het ek in die mooi werkkamer van wyle Koningin Wilhelmina 'n groot geskilderde portret van president Paul Kruger gesien. Wilhelmina was die laaste vors uit die Huis van Oranje-Nassau wat dié paleis gedurende haar lang regering (1898-1948) en na haar troonsafstand in 1948 tot haar oorlye in 1962 bewoon het. Kruger se portret in haar werkkamer is geen toeval nie. Dit is bekend dat sy die regeringsbesluit om president Kruger uit Suid-Afrika op die oorlogskip 'Gelderland' in Oktober 1900 na Europa te vervoer heelhartig onderteken het en dat sy hom ontvang en as banneling gasvryheid in Nederland aangebied het.

Tydens haar laaste lewensjare met toenemende vereensaming en bespieëling oor die verlede het sy meer dikwels as voorheen aan Suid-Afrika en Kruger gedink. Die Afrikanervolk en Nederlanders in Suid-Afrika het altyd haar belangstelling getrek. Soos Kruger het ook sy die droefnis van die ballingskap ondervind, toe sy in Mei 1940 voor die Duitse veroveraars na Brittanje moes vlug. Sy het toe die voorbeeld van Oranjes voor haar gevolg, soos Prins Willem I en Stadhouer Willem V, wat ook uitgewyk het, "soos Dawid eens moes vlug vir Saul die tiran", sê die Nederlandse Volkslied "Wilhelmus van Nassau" wat Prins Willem I as vryheidsheld besing.

Daarom het Koningin Wilhelmina - toe volgens haar wil "Prinses" genoem - in haar laaste lewensjaar 1962 'n opdrag aan die kunsskilder Machiel Brandenburg in Kaapstad om 'n portret van Kruger te skilder gegee. Brandenburg was 'n ou bekende van haar, gebore te Rotterdam in 1917, skilder te Hilversum, beslis in sy afwysing van die Duitse besetting in 1940-45 en mede daardeur sedert 1946 bevriend met Wilhelmina. Sy was mos sedert haar jeug 'n geesdriftige amateurskilderes. Sy het verskeie skilderye by hom bestel, ook ná sy emigrasie na Suid-Afrika in 1953. Hy het hom in Kaapstad gevestig en daar vyf skilderye met Suid-Afrikaanse onderwerpe vir haar vervaardig. Die laaste daarvan was Kruger se portret. Dit het 'n paar dae voor haar dood in "Het Loo" aangekom. Sy was toe sterwende en het dit nie gesien nie, maar haar wens dat dit 'n plek in haar werkkamer sou kry, is vervul.

Die bygaande foto van haar werkkamer toon links die skildery met Kruger en regs op die skoorsteenmantel 'n klein beeld van 'n edelman in 16de-eeuse kleding. Die Koninklike Huisargief in Den Haag het my vermoede dat dit Gaspard de Coligny voorstel, bevestig. Hy was die Hugenote se groot leier en is in die Bartholomeüsag op 24 Augustus 1572 in Parys vermoor. Ook 'n afbeelding van De Coligny is hier geheel vanpas, want sy dogter Louise was die laaste gemalin van Prins Willem I en stammoeder van die Huis van Oranje-Nassau.<sup>1</sup>

Brandenburg se skildery van Kruger toon die President met die Bybel in sy hande, vermoedelik in ballingskap as 'n tragiese figuur wat weemoedig voor



Geskilderde portret van President Kruger in ballingskap,  
deur Machiel Brandenburg te Kaapstad gemaak, tans in Koningin Wilhelmina  
se werkkamer in die paleis "Het Loo"  
Met dank aan die Koninklijk Huisarchief, Den Haag

hom uit staar. Die duim van sy linkerhand ontbreek: Kruger het deur 'n ongeval tydens 'n jagtog 'n deel van dié duim verloor. Teleurstelling en droefnis was ook die deel van Koningin Wilhelmina in haar laaste lewensjare. Sy het toe besef dat die ou partytwiste onder haar volk ná Wêreldoorlog II die eendrag onder die Duitse besetting verdring het en dat die republiek Indonesië die plek van die uitgestrekte Nederlandse ryk in Oos-Indië sou inneem.

In die indrukwekkende paleis van die Oranjehuis “Het Loo” het Suid-Afrika in Kruger se portret 'n waardige aandenking gekry.

1. Kyk C. de Jong, “Stammoeder van die Oranje-Nassaus: Louise de Coligny”, in *Die Voorligter*, maandblad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, jaargang 43 no. 8, Pretoria, Julie 1980, p. 10, 11 en 21.



Die werkkamer van Koningin Wilhelmina in die Rijksmuseum Paleis “Het Loo” by Apeldoorn, Nederland. Aan die muur links hang die portretskildery van President S.J.P. Kruger wat deur Machiel Brandenburg geskilder is. Op die skoorsteenmantel staan 'n replika van die beeld van Gaspard de Coligny, Hugenoteleier, voor die Protestantse kerk in Parys, wat deur Gustave Crauk vervaardig is. Links van die skoorsteenmantel hang 'n portret van stadhouer Willem III, regs - op die foto onsigbaar - staan 'n borsbeeld van Prins Willem I. Wilhelmina was omring deur die roemryke voorgeslag.

Met dank aan die Rijksmuseum “Het Loo”  
Foto: Pim Westerweel, Bussum

## HERINNERINGE AAN DIE NZASM IN EN OM PRETORIA (4) GERRIT ADRIAAN ARNOLD MIDDELBERG

deur C. de Jong

Hy was die besturende direkteur van die Nederlandsche Zuid-Afrikaanse Spoorweg-Maatschappij (korrek afgekort NZASM, minder juis ZASM) in 1890-1899 en in Pretoria gevestig. Die Stadsraad van Pretoria het die naam Bergstraat in Sunnyside verander in Middelbergstraat na 'n aanbeveling deur die Stadsraad se straatnamekomitee op 7 Junie 1967 volgens die voorstel van wyle Dr. Willem Punt. Die bedoeling is om sy naam in gedagte te hou. Die herdenking van die NZASM se stigting in 1887 sal 'n gepaste aanleiding verskaf om 'n herinneringsplaat van brons met Middelberg se portret te plaas op die Staatsdepartementsgebou aan die Paul Krugerstraat, waar sy huis gestaan het, tegelyk met die ont-hulling van 'n gedenkplaat vir die NZASM wat op die gebou van die Suid-Afrikaanse spoorweë langsaaan op die plek van die NZASM-gebou aangebring kan word.

G.A.A. Middelberg is gebore te Boskoop op 21 Junie 1846 en oorlede te Loenersloot op 6 Maart 1916; dit is twee dorpe in Nederland. Hy was nie slegs 'n uitstekende spoorwegingenieur en -bestuurder nie, maar ook 'n diplomaat en kultuurminnaar met intense belangstelling vir die Natuur, beeldende kunste, musiek, letterkunde en geskiedenis. Hy was daardeur besonder geskik vir die moeilike taak van bestuurder van die NZASM in moeilike tye. Hy het veel bygedra tot die stempel wat die NZASM kragtig op Transvaal gedruk het.

Hy is as ingenieur opgelei in Switserland en Duitsland en het ervaring opgedoen in Duitsland, Nederland, België en Brittanje. Hy het daardeur verskeie volke en tale goed geken. Sy eggenote was 'n Duitse dame wat veel sosiale werk verrig het en groot ontvangste in Pretoria gehou het. In 1890 is hy benoem as mede-besturende-direkteur van die NZASM en as leier van die maatskappy in Suid-Afrika. Onder sy leiding het die spoorwegnet in Transvaal tot stand gekom, uitgesonderd die lyn van Pretoria na Pietersburg wat die NZASM graag aan 'n Britse maatskappy oorgelaat het.

In die stormagtige jare 1890-99 het hy diplomatiek bekwaam gemanoeuvreer en saamgewerk met die spoorweë van die ander state in Suid-Afrika. Met sommige van die leiers daarvan was hy besonder bevriend. Hy het Kruger se bewind kragtig gesteun. In Januarie 1899 het hy en sy vrou na Nederland teruggekeer. Hy het NZASM-direkteur en -adviseur gebly en gehelp met die likwidasie van dié maatskappy wat in 1908 voltooi is. Hy het Suid-Afrika weer besoek, in 1904 kort as begeleier van die liggaam van Kruger na sy laaste rusplaas, in 1909 uitvoerig ten behoeve van die samewerking tussen Nederland en die pas gestigte Unie van Zuid-Afrika.

Sy jongste seun Leopold Ronald het in Suid-Afrika gebly en sy nageslag is nou in Suid-Afrika, onder meer Pretoria, gevestig.


## Gerrit Middelberg se private briewe

Ons leer hom intiem ken uit sy talryke briewe wat hy uit Pretoria na sy familie in Nederland gestuur het en waarin hy 'n deel van sy hart uitstort - nie sy hele hart nie, vermoed ek - en uitvoerig bespieël. Ons is professor F.J. du Toit Spies, oudbestuurslid van ons Genootskap en die voorgaande redakteur van *Pretoriana*, dankbaar vir sy publikasie van Middelberg se briewe uit 1896-99 in die *Hertzog-Annale* van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (tweede jaargang, eerste aflewering, Pretoria, Junie 1953, p.25-188). Onder meer die annotasie moet hom veel tyd en moeite gekos het. Die oorspronklike briewe was in die besit van Mnr. L.R. Middelberg, die jongste seun. Hy en sy vrou het met die uitgawe gehelp.<sup>1</sup>

Die briewe gee insig in die karakter van Middelberg en sy huisgenote, en die lewe van 'n deftige Nederlandse gesin te Pretoria in 1890-99. Hulle gee somtyds 'n blik agter die skerms van die hoë politiek. Die leser sien Middelberg as spoorwegbestuurder, gesinsvader, gasheer op tal van musiekaande en ontvangste in sy gasvrye, druk besogte huis, as wysgeer en as een van die idealistiese Nederlanders wat die Afrikaners beskou het as jonger lede van die Dietse stam. Volgens hulle was die Afrikaners nog nie bederf deur die Westerse, stedelike, materialistiese gees nie. G.A.A. Middelberg, W.J. Leyds, N. Mansvelt, H.J. Coster en ander vooraanstaande Nederlanders in Transvaal wou die Afrikaners met Nederlandse bystand ontwikkel tot selfstandige, kragtige nasie en behoed teen dreigende verbrissing. Middelberg het die Britse volk en sy beskawing geken en gewaardeer, maar die Britse imperialisme kragtig afgewys.


Hy het vriend en teenstander beïndruk met sy bekwaamheid, takt en gelykmoedigheid jeens die fel kritiek op die NZASM, waarom hy "koue Gerrit" genoem is. Hy deel in die fin-de-siècle-stemming (die einde van die 19de eeu se gees, noem hy dit op p. 150). Dit is die somber stemming onder Westerse intellektuele en kunstenaars teen die einde van dié eeu wat die materialistiese, kapitalistiese, sosialistiese en imperialistiese gees van hul tyd afkeur. Hy stel die opgewekte gesins- en vermaaksluwe van sy gesin en hul welstand teenoor die toenemende nood en spanning in die wêreld daarbuite met sy runderpes, droogtes, ekonomiese depressie en ná die mislukte Jameson-inval ook die steeds groeiende spanning tussen die Britse wêreldryk en die klein, swak Boererepublieke wat bedreig is. Hy sien met beklemming die oorlog van jaar tot jaar nader en Leyds deel sy mening in vertroulike gesprekke. Die gees van sy briewe herinner my daarom lewendig aan die nadering van Wêreldoorlog II as 'n onafwendbare ramp en aan die huidige gespanne toestand in Suid-Afrika. Talle uitlatings in Middelberg se briewe is van toepassing op die hede in Suid-Afrika en sommige van hulle is nou nog aktuêler as destyds, byvoorbeeld oor die uitgebreide veldtog van propaganda en staatkundige druk op die Boererepublieke.

Hy besef duidelik die verskille tussen Afrikaners en Nederlandse inmigrante wat vreemd vir mekaar is en tog moet saamwerk in die Afrikaners se belang, die aanleiding tot die "Hollanderhaat" (wat m.i. dikwels oordryf word) jeens die Nederlanders as bevoorregte minderheid in die republieke en die



De Heer MIDDELBERG, Directeur der Z.A.S.M., tehuis.

Tekening van G.A.A. Middelberg deur Anton van Wouw, vermoedelik gepubliseer in die besondere uitgawe van *De Volksstem* ter geleentheid van die opening van die spoorlyn van Delagoabaai na Pretoria in 1895  
Foto: T.E. Andrews



**G. A. A. Middelberg.**

vermindering van die Nederlanders se invloed wat hy as onvermydelik beskou.

In sy briewe uit hy hom meestal openhartig, maar ek vermoed tog dat hy sommige van sy menings verswyg of temper. Die leser moet begryp dat hy geskryf het aan sy familie en vriende in die ver Nederland wat min van Suid-Afrika geweet het. Hy mog daarom nie te somber oor die toestand in Transvaal skryf nie.

Hier volg 'n paar van die deur my vermoede verswygings. Hy betuig herhaaldelik sy simpatie jeens die Boere as onbedorwe, godsdienstige, veerkragtige en krygshaftige jong nasie en hy vereer Kruger. Maar as gebore Europeër moes hy dikwels netsoos Leyds kritiek jeens hulle voel. Hy uit dié kritiek selde en bedek. Hy wys wel 'n paar maal op die geestelike afstand tussen Afrikaners en Nederlanders, veral die stedelike, ongodsdienstige, linkse Nederlanders uit die lae volk onder die NZASM-personeel. Hy kritiseer af en toe mildelik Kruger as “die ou dwingeland”.

Ook duik die vraag op of Middelberg opreg geglo het dat die Boererepublieke 'n oorlog met die Britse wêreldryk sou kon wen. Netsoos Leyds was hy Europeër met wye blik en internasionale ervaring. Miskien het hy en Leyds in hul diepste hart ernstig getwyfel, maar die twyfel weggesteek en gehoop op 'n wonder wat die republieke sou red. Maar sulke wonders vind in die wêreldgeskiedenis selde plaas en dit het in Suid-Afrika uitgebly.

Tenslotte: Hy skryf in sy uitvoerige bespieëlings meermale oor sy inwendige gemoedsrus en uitwendige kalmte temidde van die talryke moeilikhede vir die NZASM en die regering. Maar dit was onvermydelik dat die druk op hom steeds swaarder weeg en in sy laaste briewe kla hy dat hy moeg voel en Suid-Afrika sal verlaat met as ideaal 'n teruggetrokke lewe met Thomas à Kempis se werk.<sup>2</sup> Tog bevat sy laaste briewe duidelike aanwysings dat hy spoedige terugkeer na Transvaal in 'n ander amp oorweeg. Ek vind dit moontlik dat hy reeds voor sy vertrek na Nederland gepols is om die amp van minister van finansies in die Zuid-Afrikaansche Republiek te aanvaar. Prof. du T. Spies skryf dat dié pos hom 'n paar maande later aangebied is en dat hy dit waarskynlik sou aanvaar het as die oorlog nie uitbreek sou het nie.

Ek hoop dat Middelberg se nageslag sy briewe goed sal bewaar en hulle aan die Staatsargief in Pretoria sal skenk.

#### Verwysings

1. Prof. F.J. du Toit Spies het 'n kort lewensbeskrywing van G.A.A. Middelberg gevoeg by sy uitgawe van Middelberg se briewe in die *Hertzog-Annale* van Julie 1953, p. 27-33. Voorts het artikels oor Middelberg verskyn in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel 2, Kaapstad-Pretoria 1972, p.484-485, van F.J. du Toit Spies, en in die *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, deel 7, Kaapstad 1972, p.389-390, van J. Ploeger.
2. Thomas à Kempis, dit is Thomas van Kempen (sy geboortedorp by Düssel-dorf in die Duitse Rymland), het geleef van 1380 tot 1471. Hy was 'n baie vroom Augustynse monnik en het hom aangesluit by die godsdienstige gemeenskap die “Broeders des gemeenen levens” te Deventer in Nederland. Hy het hom teruggetrek na die naburige klooster Windesheim en godsdienstige lektuur gepubliseer. Sy bekendste werk heet *Die navolging van Christus*.

## GEDENKTEKENS VIR MINDER BEKENDE PERSONE

### IN EN OM PRETORIA (3)

#### WILLEM JOHANNES LEYDS

deur C. de Jong

Dr. Willem Johannes Leyds is gebore op Java in 1859, as seun van 'n hoof-onderwyser, het in Amsterdam in die regte gestudeer en het op die leeftyd van 25 jaar Staatsprokureur van die Zuid-Afrikaansche Republiek, (ZAR) geword, in 1889 Staatsekretaris van die ZAR - dit was eerste minister en minister van binne- en buitelandse sake - en in 1898-1902 gesant van die ZAR in Europa. Na 1902 het hy as amptelose pleitbesorger en historikus van die Afrikanerdom in Nederland gewoon. Hy is tydens die Duitse inval in 1940 oorlede.

Hy was ná president Kruger die belangrikste politikus in Transvaal; "Kruger se regterhand". In Pretoria en Johannesburg en 'n paar Nederlandse stede is strate na hom genoem. 'n Naamlose, dus onbekende borsbeeld van hom staan sedert 1936 in die Merensky-biblioteek van die Universiteit van Pretoria en Leydsdorp in 'n uithoek van Transvaal dra sy naam, maar het binne enkele jare tot spookdorp verval. Dis al.<sup>1</sup>

Eers in 1985 het 'n volledige, volwaardige lewensbeskrywing van hom verskyn, geskryf deur Dr. Lynette Estelle van Niekerk van die Universiteit van Suid-Afrika. Op 17 Oktober 1985 is 'n byeenkoms in die vergadersaal van die Ou Raadsaal te Pretoria aan die verskyning van hierdie werk gewy. Mnr. Raubenheimer, besturende direkteur van die uitgewery J.L. van Schaik, het die genodigdes verwelkom. Hulle was ongeveer 40, onder wie die Nederlandse ambassadeur H.C.G. Carsten, die Eerste ambassadesekretaris G.J.C. Schulten en die Eerste ambassadesekretaris J. van der Velden. Mnr. Jan van Schaik, afgetrede vennoot van J.L. van Schaik, het die eerste eksemplaar van die boek *Kruger se regterhand, Biografie van Dr. W.J. Leyds*, oorhandig aan die administrateur van Transvaal, Dr. W. Cruywagen. Dr. L.E. van Niekerk het vertel oor haar werk vir haar proefskrif "Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek" (*Suid-Afrikaanse Argiefjaarboek 1984*) en vir die volledige biografie in die Leyds-argief in die Uniegebou, in Nederland en Brittanje en die gasvrye huis van Leyds se kleinseun en naamgenoot te Laren by Amsterdam, waar talryke briewe van Leyds haar oor sy gesinslewe en intieme gedagtes ingelig het.

'n Hoogtepunt van die byeenkoms was die luister na 'n geluidsband wat gemaak is van 'n ou grammofoonplaat waarop Leyds in 1939 oor die SAUK die Afrikaners kort toegespreek het. Die aanwesiges het sy stem gehoor op dieselfde plek waar Leyds in 1889-1898 dikwels gepraat het. In 1939 was sy stem nog opvallend kragtig en welluidend.

Die verskyning van die Leydsbiografie het lank uitgebly. Die verklaring is dat hy by so baie sake in Transvaal betrokke was en in die Leydsargief so baie dokumente nagelaat het, dat sy biograaf besonder uitvoerige argiefwerk

moes verrig, en ook dat hy min populêr by die Afrikaners en nog minder by die Britte was. Vir die Britte was hy die sterkste verteenwoordiger van Kruger se slegte, omkoopbare bewind wat die Uitlanders onderdruk het, vir die Afrikaners was hy die vreemdeling wat ander Hollanders bevoordeel het, en hy was 'n koel, hooghartige Hollander wat nooit Afrikaans wou praat nie. Maar sy onomkoopbaarheid, bekwaamheid en werkkrag is deur vriend en vyand erken.

Hy geld netsoos Dr. N. Mansvelt, superintendant van onderwys van die ZAR, Dr. H.J. Coster, Staatsprokureur, en Ir. G.A.A. Middelberg, besturende direkteur van die NZASM, as een van die Nederlanders met 'n kultuursending in Suid-Afrika. Hulle wou met Nederlandse bystand die Afrikanervolk help om hom te ontwikkel en teen verbrissing behoed - 'n edele maar ver ideaal.

Dr. van Niekerk voldoen in haar werk oor Leyds aan die eise van 'n goeie biografie. Hoewel Leyds 'n leidende aandeel in talle verwickelinge in Transvaal gehad het, bly hy steeds in die middelpunt van die verhaal wat te uitvoerige uitweidings oor al die verwickelinge vermy. Ook het sy groot agting en simpatie vir Leyds, maar sien sy ook sy foute en gebreke. Haar werk is redelik uitvoerig maar bondig en binne die omvang wat 'n goeie lewensbeskrywing nie behoort te oorskry nie. Die nadruklik sielkundige benadering van talle hedendaagse biograwe ontbreek in haar werk.

Nie alle Afrikaners deel haar simpatie vir Leyds nie. Dit blyk uit die bespreking van haar boek deur Fanie Olivier in *Beeld* van 24 November 1985. As joernalis verdedig hy die heilige persvryheid, waaronder 'n joernalis hom nie hoef te bekommer oor die uitwerking van sy geskryf nie. Hy beskuldig Leyds van strewende na breideling van die pers.

J.L. van Schaik het 800 eksemplare van dié werk gedruk met subsidie van die Nedbank-groep, die Van Ewijck-Stigting te Kaapstad en die Zuid-Afrikaanse Stichting Moederland (ZASM) te Amsterdam. Die boek kos R40 plus verkoopbelasting.

Netsoos in die hantewêre van Middelberg (kyk "Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria, 1886-1900") val in Leyds se biografie die ooreenkomste tussen die posisie van die ZAR in 1886-99 en die Republiek Suid-Afrika tans op. Ook Fanie Olivier wys op "die parallelle wat 'n mens raaksien tussen die posisie van die Uitlanders destyds in Johannesburg en die stedelike swartmense in die afgelope dekade". Toe en tans is die Afrikanerbewind bedreig deur 'n groot groep wat die algemene stemreg (one man one vote) eis om dié bewind oor te neem en wat oproer maak. Toe en tans word dié groep gesteun deur 'n wêreldmag, toe die Britse Ryk, tans die Verenigde Volke en hul bondgenote in talle lande. Toe en tans word 'n fel persveldtog teen die Afrikanerbewind gevoer en word dié bewind verwyrt dat hy geen of te laat toegewings aan die opposisie maak. Fanie Olivier verwyrt dit aan Leyds. Hy sien egter oor die hoof dat Dr. van Niekerk op p.168 Leyds se strewende om met die Uitlanders in 1899 tot 'n vergelyk te kom, vermeld; hy het opsetlik hom op die agtergrond gehou en die besprekings deur J.C. Smuts, die Staatsprokureur, laat voer.

Fitzpatrick het die besprekings verongeluk in opdrag van Milner, die Hoë Kommissaris, wat geen vergelyk wou nie.

Fanie Olivier skryf in sy bespreking: “Dis ’n verhaal vol intriges wat vertel van korrupsie, die manipulasie van die regspraak, perssensuur en beskuldigings omtrent die koerante se onverantwoordelikheid”. Hy beklemtoon aldus die negatiewe kante van die ZAR en verswyg die positiewe. Maar inderdaad wil ek die vraag stel, in hoever die ZAR gefunksioneer het as ’n Wes-Europese staat gebaseer op ’n deeglike Nederlandse wetgewing en bekwame, onomkoopbare politici soos president Kruger, W.J. Leyds en H.J. Coster, en in hoever as ’n Derde-Wêreldland wat my die meeste laat dink aan ’n Latyns-Amerikaanse republiek, soos Mexico onder die outokratiese, ekonomies vooruitstrewende president Porfirio Diaz (1876-1910) met konsessiejag deur buitelandse maatskappye en omkopye.....

1. Die borsbeeld in die Merensky-biblioteek is gemaak deur Fanie Eloff en daar in 1936 deur J.C. Smuts onthul. Die Universiteit van Pretoria het hom in 1934 ’n eredoktoraat toegeken en die Universiteit van Stellenbosch in 1939, ewe-eens in sy afwesigheid. Leyds het in 1909 twee maande in Suid-Afrika as ’n geëerde gas deurgebring, maar nie teruggekom nie omdat hy die partytwiste tussen die Afrikaners afgekeur het.



Borsbeeld in brons van Dr. W.J. Leyds in die Merenskybiblioteek van die Universiteit van Pretoria  
Foto: C. de Jong

## “ONDER DIE BAN VAN DIE PRINS”

Daar het onlangs 'n Verslag van die herdenking van Prins Willem I van Oranje se sterfdag 10 Julie 1584 en oorsig van die verskeie geleentheidspublikasies, opgestel deur C. de Jong in opdrag van die Komitee Prins Willem I van Oranje-Nassau-herdenking te Pretoria in 1984, verskyn. Dit is uitgegee deur die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika) te Pretoria in 1985 en tel 80 bladsye plus 6 afbeeldings.

Die Oranjeherdenking het bestaan uit:


- 'n kerkdiens onder leiding van Ds. J. van der Vloed in die Petrakerk van die Nederlandstalige gemeente in die Nederduitse Gereformeerde Kerk op Sondag 8 Julie 1984, waarvan die orde van diens en preek in die verslag gedruk is op p.13-21;
- 'n tentoonstelling oor die Prins in die Intersaal van die Ou Letteregebou van die Universiteit van Pretoria, gebaseer op die Oranjeversameling van H.H.A. van Gybland Oosterhoff in hierdie Universiteit, Julie-Augustus 1984, waarvan die beskrywing oorgeneem is in die verslag op p.22-34;
- vyf lesings met skuifies deur Dr. C. de Jong oor die lewe van die Prins gelewer.

Die tentoonstelling in die Universiteit is gehou in dieselfde gebou waar in 1980 'n uitstalling oor die Oranjehuis gebou is ter herdenking van Koningin Wilhelmina se geboortedag op 31 Augustus 1880. Ook hierdie datum is in Pretoria uitvoerig herdag.

Die verslag van die herdenking in 1984 word gevolg deur 'n oorsig van geleentheidspublikasies oor die Prins wat in Nederland en België gepubliseer is. Dit is artikels, naamlik van prof. Dr. P.J. van Winter met 'n vergelyking tussen die Prins en Paul Kruger, in 1965 gedruk, en van C. de Jong in 1984. Die brosjure besluit met 'n oorsig van geskryfte wat in 1984 in Nederland en België verskyn het. C. de Jong bespreek daarin 12 groot en klein boeke - waarby twee bundels met bydraes van verskillende historici - en drie tentoonstellingskatalogusse. Hy eindig met 'n lys van publikasies in 1984 wat uiteraard nie volledig kan wees nie, en met 'n vertaling van al die 15 strofes van die Nederlandse Volkslied Wilhelmus van Nassouwe in Afrikaans.

Hy wys op die verskillende beskouings van die betekenis van Oranje in die loop van vier eeue, naamlik as (1) geloofsheid, d.w.s. held van die Protestantisme of beperkter nog, van die Calvinisme, (2) nasionale vryheidsheld, m.a.w. Groot- of Klein-Nederlandse nasionalis, hoewel die volksnasionale feitlikers tydens Napoleon I se bewind ontwaak het, (3) voorloper van volksoewereiniteit of volksregering, en (4) held van godsdienstige verdraagsaamheid. Die beskouings (1) en (2) is tans deur die meeste historici verlaat, (3) en (4) oorheers in die literatuur van 1984 ooreenkomstig die ultrademokratiese, antinasionalistiese, sekulariserende gees van ons tyd wat ná Wêreldoorlog II in Westerse lande, veral in Nederland, toonaangewend geword het.

Volgens C. de Jong is die skerp kritiek op Oranje, tot aan ons tyd op hom geuit as rebel en politikus wat dikwels van godsdiens verander het, tans grotendeels verstom en is die waardering vir hom in Nederland en daarbuite amper eensgesind. Hierdie opvallend eenparige verering van die Prins - voorheen 'n fel omstrede figuur - kom tot uitdrukking in die titel van die brosjure wat lui "Onder die ban van die Prins".



VICTORIA DRUKKERY PRETORIA